

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 14, No. 4

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2014 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

## Is u gereed vir die moeilike tye wat voorlê?

Indien u die wêreldnuus gevolg het, sal u sekerlik weet dat die saad nou gesaai word om die “Dier” waarvan daar in Openbaring geprofeteer word tot stand te bring! Terwyl Russies-ondersteunde manne wat swart maskers dra, polisiestasies en ander belangrike fasiliteite in die Oekraïne beset en onder hulle beheer hou, word die Europese magte herinner aan hoe magteloos hulle werklik is. Hulle het gesteun op die kernsambreel wat deur die Verenigde State van Amerika voorsien is sedert die Tweede Wêreldoorlog, maar nou het die nasies van Midde-Europa tot die besef gekom dat hulle in die toekoms nie kan staatmaak op Amerika se steun nie.

Amerika word regoor die wêreld al hoe meer gesien as 'n “papiertier”. Soos ons by die *Wêreld van Môre* herhaaldelik daarop gewys het, het die God van ons voorvaders lank gelede gewaarsku: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie **nie doen nie**; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek ... En Ek sal julle **trotse mag** verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper” (Levitikus 26:14-15, 19). Ja, alhoewel dit vinnig agteruit gaan, besit Amerika nog steeds 'n groot mate van mag. Aangesien die VSA as 'n geheel sy rug gedraai

het op die Skepper wat aan hulle daardie mag en die byna ongekende rykdom wat hulle besit gegee het, was daar minder samewerking onder die mense, hulle was minder bekwaam en het al hoe meer verward geraak oor *hoe* om die rykdom en die mag *te gebruik* wat aan hulle geskenk is.

### Praat, praat, praat

Rusland, die Oekraïne en baie ander nasies regoor die wêreld begin duideliker as ooit sien dat die VSA nou 'n nasie is wat baie “praat”, maar *nie daadwerklik sal optree* om sy vriende te beskerm soos dit 'n generasie of twee gelede gedoen was nie.

Met so 'n “magsvakuum” wat deur Amerikaanse swakheid geskep word, kan 'n volskaalse Europese Ryk nie baie jare vêr weg wees nie! Namate Amerika voortgaan met die agteruitgang van sy morele waardes en al hoe meer 'n genotsugtige gemeenskap word, skynbaar sonder 'n doel, het die Almagtige God bepaal dat 'n komende “Diermoondheid” Sy “werktuig” sal wees om ons weer nederig te maak en aan *ons lesse te leer!* Dit is nie dat hierdie supermoondheid, gelei deur die “Dier”, vol “slegte” mense sal wees nie; dit is eerder net dat God verskillende nasies op verskillende tye as Sy *werktuie* gebruik om diegene wat teen Hom rebelleer, nederig te maak en om die rebelle 'n paar broodnodige

lesse te leer. Die Bybel is vol van sulke waarskuwings. Ons in hierdie Werk het vir baie dekades lank *spesifiek hieroor gewaarsku*. Selfs so ver terug as in die 1950's toe ek mnr. Armstrong bygestaan het, het ek evangelisasie-veldtogte onderneem en almal wat wou luister skerp **gewaarsku** oor 'n toekomstige “Diermoonheid” wat in Europa onder leiding van 'n herleefde en swaar gewapende Duitsland mag ontstaan. In daardie tyd het baie mense die spot daarmee gedryf omdat hulle gedink het dat Duitsland **nooit** weer 'n magtige nasie sou kon word nie. Hulle *het egter reeds*. Hulle **is** al!

Ons het herhaaldelik in hierdie tydskrif aan u getoon hoe die Almagtige God die afstammeling van antieke Israel gewaarsku het, *soos ons sekerlik gedoen het*, dat **indien** hulle Sy insettinge en Sy gebooe sou “verag”, dan sou Hy “julle trotse mag verbreek” (Levitikus 26:19). Daardie ware profesieë word **nou groot-skaals vervul!** Terwyl u toekyk hoe die wêreldgebeure mekaar vinnig opvolg, hoop ek u almal begin **regtig verstaan** wat besig is om te gebeur met daardie nasies wat oorspronklik saamgestel is uit die volke van Britse afkoms en Amerikaanse volke – die afstammeling van die “Verlore Tien Stamme” van Israel!

### God uitgelaat?

Waarlik, wanneer God “uitgelaat word” begin *slegte*

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Is u gereed vir die moeilike tye wat voorlê?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Soek u na God? 3

Voed u uself daagliks met Christus in 'n wêreld wat uitgehonger is vir die waarheid?

#### Is die Sabbat belangrik? 8

Waarom het God die Israeliete van ouds beveel om die sewende-dag Sabbat te onderhou en van watter belang is Sy opdrag vir Christene vandag?

#### Brittanje doen afstand van die reëls 12

Die Engelse se wantroue in “alles Europees” dateer reeds eeue terug.

#### Die geluide van somer 14

Hoe kan u u fokus behou met die geroesemoes van bedrywighede rondom u?

#### Die einde van oorlog? 16

Terwyl die wêreld besin oor die 100ste herdenking van die Eerste Wêreldoorlog in Julie, wonder ons: Sal daar ooit 'n einde aan oorlog kom? U Bybel gee 'n bemoedigende antwoord!

#### Môre se Jeug 20

Jy is nie dom nie

#### Die vloeistof van die lewe 22

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 23

#### Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

John Robinson

### Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

### Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

### Streekskantore

#### VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Soek u na God?

Deur Roderick C. Meredith

*Is God vir u 'n werklikheid? Is Hy 'n noodsaaklike teenwoordigheid in u lewe, of net 'n abstrakte konsep wat geen verskil maak nie? Wend u die belangrike Bybelse hulpmiddels aan wat u nader aan Hom kan trek?*

Normaalweg, soos die meeste van u lesers weet, raak ek nie betrokke in direkte godsdienstige oproepe of “prekery” in die artikels van ons *Wêreld van Môre*-tydskrif nie. In hierdie Werk wil ons dit eenvoudig “vertel net soos dit is” om aan u die ware feite te gee en u dan self te laat besluit watter soort aksie u behoort te neem. Wat ek ook al skryf, probeer ek deurentyd om al ons intekenaars te help om sekere aspekte van die lewe of profetiese gebeure wat hulle persoonlik raak te *verstaan*.

Aangesien profetiese gebeure dus besig is om vinniger plaas te vind en die “trotse mag” van die nasies van Britse afkoms asook dié van die Amerikaanse volke regtig op 'n baie duidelike manier “gebreek” word (Levitikus 26:19), het ek besef dat *ek verantwoordelik is* om aan u lesers ten minste die heel **basiese** dinge deur te gee van wat u **moet doen** om die komende toetse en beproewings te kan oorleef. Jesus Christus sê ten opsigte van die komende Groot Verdrukking: “Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie” (Markus 13:19).

**Nee!** U hoef u **nie** te haas en

“deel van ons kerk” te word om gered te word nie!

U ware Skepper sê herhaaldelik in *Sy geïnspireerde Woord* dat op 'n tyd soos hierdie, **enigien** wat werklik die *hulp*, die *leiding* en die *Goddelike beskerming* van die Almagtige God wil hê, ten minste opreg na **“God moet soek” en uitroep** tot God en Hom opreg en ernstig laat weet dat u **werklik** die hulp en leiding wil hê van die Een wat aan u lewe en asem gee! Is dit *te veel* gevra?

## Onderhou Sy getuïenisse (verordeninge)

Nadat Hy aan die Israeliete gesê het wat hulle moes doen wanneer hulle uit hulle Babiloniese ballingskap terugkeer, sê God: “Want so sê die HERE: As eers sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek op julle ag gee en aan julle my goeie woord vervul om julle na hierdie plek terug te bring. Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind *as julle na My vra met julle hele hart*. En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander en julle versamel uit al

die nasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het, spreek die HERE; en Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggevoer het” (Jeremia 29:10-14). God het Koning Dawid geïnspireer om te sê: “Welgeluksalig is die wat sy getuïenisse bewaar, **Hom van ganser harte soek**” (Psalm 119:2). *Let asseblief* op na die laaste deel van die sin: “... van **ganser harte soek**”. Baie belydende Christene soek God halfhartig. Hulle doen 'n *bietjie* Bybelstudie, sal per geleentheid 'n gebedsessie met God hê en “hoop” dit kan genoeg wees om hulle so 'n *bietjie* spesiale leiding te gee.

Hoewel Daniël, een van die grootste profete van alle tye, egter tot die besef gekom het van die *spesiale tyd* waarin hy leef, het hy God met sy hele hart gesoek: “En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas, en in roukleed en as, my aanbeding en smeking te wy. En ek het tot die HERE my God gebid en belydenis gedoen en gesê: Ag, Here, grote en gedugte God, wat die verbond en die goeder-tierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, ons het gesondig en verkeerd gedoen en goddeloos gehandel en in opstand gekom en van u gebooie en verordeninge afgewyk” (Daniël 9:3-5).

Daniël het dus “sy aangesig gerig” tot God en Hom **gesoek** vir Sy leiding en Sy genade – God het dit grootliks waardeer. Daarna het God 'n magtige engel gestuur om Daniël te onderrig en te bemoedig. Die engel het gesê: “Daniël, geliefde man, gee ag op die woorde wat ek met jou spreek, en gaan staan op jou staanplek, want ek is nou na jou gestuur. En terwyl hy hierdie woord met my spreek, het ek bewende gaan staan. Toe sê hy vir my: Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom; maar die vors van die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Mígaël, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië” (Daniël 10:11-13).

### Geestelike oorlog

Daniël het tot die besef gekom dat daar 'n “geestelike oorlog” gevoer word tussen God se getroue engele en die **bose** geeste, die “gevalle engele” wat die heidense nasies rondom Israel beïnvloed en gelei het. God het Daniël egter bemoedig en hom laat weet dat “van die eerste dag” af wat Daniël God werklik begin “soek” het deur *virige gebed, vas en belydenis* van sy sondes, **God hom gehoor het**. Daarna is Daniël *ware begrip* gegee van die onstuimige gebeure wat rondom

hom begin plaasvind. Hy is deur God **gebruik** om sy volk te waarsku. Hy is *kragtig* deur God *gebruik* om aan ons *vandag*, van die heel spesifiekste en kragtigste profesieë in die Bybel te gee!

Sal *u* by Daniël en baie ander groot dienaars van die ware God aansluit om werklik u Skepper en Sy wil vir *u lewe* te “soek”?

### Hoe om na “God te soek”

Die bogenoemde voorbeelde toon duidelik dat die Almagtige God *ag slaan op* diegene wat Hom met hulle hele hart soek (Jeremia 29:13). Hy eer diegene wat Hom deur *virige gebed, vas en berou* soek (Daniël 9:3-4). Nog 'n belangrike “sleutel” vir ons vandag, is die uiterste belangrikheid van waaragtige **Bybelstudie**. Daar die ou profete wat ons hierbo as voorbeelde aangehaal het, was dikwels in noue kontak met God op 'n persoonlike manier en het Hom werklik “geken” soos baie min mense van vandag. In ons era het die meeste mense nog nooit werklik die ware God *geken* nie. Satan die duiwel het werklik “die hele wêreld verlei [mislei]” (Openbaring 12:9). Hy is toegelaat om die meeste mense in die wêreld te “**verblind**” vir die wil van die ware God (2 Korinthiërs 4:3-4). Daarom, aangesien ons vandag in hierdie situasie is, behoort ons *nugter* te word! Ek en u behoort werklik God se Woord te “bestudeer”. Dit is die geïnspireerde openbaring van ons Skepper. Dit openbaar *hoe God dink*, hoe Hy

**is** en wat Hy in verskillende situasies sal **doen**. Sonder hierdie begrip is dit vir ons moeilik om die ware God vuriglik te “soek” op dieselfde manier as wat die ou profete dit gedoen het. Die meeste mense is werklik “afgesny” van God. Hulle ken net 'n valse God, 'n *valse* Christus en 'n *valse* evangelie (2 Korinthiërs 11:3-4).

Neem asseblief kennis van wat Jesus Christus Self gesê het: “Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, *so sal hy wat My eet, ook deur My lewe*” (Johannes 6:56-57). Hy het daarna voortgegaan en gesê: “Dit is die Gees wat lewend maak; die vlees is van geen nut nie; *die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe*” (vers 63). God se *geïnspireerde Woord*, die Bybel, help ons dus om God se wil te verstaan en gee ons die ewige **lewe** in God se Koninkryk, indien ons dit gehoorsaam.

### “Voed” uself met Christus

Dit is **waarom** Jesus aangedui het dat ons onself behoort te “voed” met Hom en werklik Sy woorde, wat “gees en lewe” is, te **bestudeer**.

Ek versoek u as intekenaars dus **almal**: “Blaas die stof van u Bybels af” en begin werklik om die Bybel te **bestudeer** op 'n manier wat u waarskynlik nog nooit voorheen gedoen het nie. 'n Goeie plan mag wees om die **hele** Nuwe Testament van die begin af te begin deurlees. Begin

by die boek Mattheüs en sien hoe Jesus Christus in Sy “Bergpredikasie” (hoofstukke 5-7) God se Wet “vergroot” (Jesaja 42:21) of om dit te “verheerlik” deur te verduidelik **hoe** die mens behoort te lewe. Indien u Mattheüs werklik **bestudeer**, sal u “die gedagte van God” begin verstaan soos dit direk deur Jesus Christus, die Seun van God, uiteengesit is.

Leer om stadig en aandagtig ten minste twee of drie hoofstukke tydens elke studiesessie te lees. *Merk* die sleutelgedeeltes, wat van die meeste belang is en verwys dan terug en hersien dit aan die einde van u studie. Hersien weer vlugtig die drie hoofstukke wat u gelees het in u volgende studiesessie. Skenk aandag aan die gemerkte sleutelgedeeltes voordat u voortgaan met die volgende drie of vier hoofstukke. *Dink na* oor wat u lees en vra God vir *ware begrip*.

### Ware Christelike meditasie

Dit is ook noodsaaklik om die belangrikheid van Christelike **meditasie** te leer. Dit is **nie** sommer die “leegmaak van u gedagtes”, soos 'n paar Oosterse godsdienste voorgene. Dit is eerder die *fokus* van u gedagtes op 'n enkele tema. Draai dit om en om in u gedagtes om begrip te verkry. *U doel* behoort te wees om werklik te probeer verstaan wat God deur Sy geïnspireerde Woord sê. U behoort dus tyd te bestee na elke studie-sessie en dalk weer later in die dag, om *ernstig te mediteer* oor wat u gelees het en

God gedurig te vra om aan u ware *begrip, kennis* en die *gewilligheid* te gee om Sy wil te doen, soos geopenbaar in Sy geïnspireerde Woord.

*Nadat* u gestudeer en gemediteer het, sal u baie meer begrip hê van *hoe* om te bid en die aard van die **ware God** tot wie u bid. Lees die voorbeelde van Christus se gebede en **hoe** Hy tot God gebid het en **hoe** die profeet Daniël tot God gebid het, asook van **hoe** koning Dawid tot God gebid het. Lees die inspirerende voorbeelde in die hele boek van Psalms. Indien u hulle voorbeeld volg, sal u in staat wees om op 'n sinvolle manier “u hart uit te stort” voor u Skepper en op 'n manier sal Hy u *hooren antwoord*.

Leer om *elke dag* met gebed te *begin* voordat u u huis verlaat. Om in die oggend by die deur uit te gaan sonder om te bid is amper net soos om “naak” uit te gaan. U is in 'n sekere sin *geestelik nakend* indien u u huis verlaat en nie tot die Skepper gebid het vir Sy hulp, leiding en Sy beskerming nie. *Dink assebliefsó daaraan!*

Leer om **ernstig** met God te praat, want soos ek tevore aangedui het, waardeur God nie “halfhartige” gebede nie. Onthou die voorbeeld van ons Verlosser, Jesus Christus: “Hy wat in die dae van sy vlees **gebede** en **smeking** met sterk geroep en **trane** aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs” (Hebreërs 5:7). Jesus het vir ons die *belangrikste voorbeeld* gestel van hoe ons werklik “God

met ons **hele** hart behoort te soek”!

Saam met die werklike *bestudering* van die Bybel op 'n gereelde basis, gereelde meditasie en vurige **gebed** elke oggend en gedurende die dag, is nog 'n belangrike sleutel in die soeke na God, die gewoonte om te **vas**. Regdeur die Bybel vind ons dat God se ware dienaars hulle vir ten minste 'n dag of twee sal weerhou van kos en water, wanneer hulle gekonfronteer word met 'n ware krisis.

### Gebruik VAS as 'n “hulpmiddel”

Let op hoe Moses, die “man van God”, na God gesoek het. Hy verduidelik: “Toe ek op die berg geklim het om die kliptafels te ontvang, die tafels van die verbond wat die HERE met julle gesluit het, het ek veertig dae en veertig nagte lank op die berg gebly – brood het ek nie geëet en water nie gedrink nie” (Deuteronomium 9:9).

Een van die vernaamste “vroue van God” wat in die Bybel geopenbaar word, is koningin Ester, wat in 'n tyd toe die Persiese koning van plan was om die Jode uit te roei, opdrag gegee het aan haar oom Mordegai: “Gaan heen, versamel al die Jode wat in Susan te vinde is, *en vas julle om my onthalwe; en julle moet nie eet en drink nie, drie dae lank, nag en dag*; ek ook met my dienaresses sal net so **vas**; en so sal ek na die koning ingaan, wat nie volgens wet is nie, en as ek omkom, dan kom ek om” (Ester 4:16).

Sonder twyfel het *honderde* of selfs duisende van haar mede-Jode vurig begin **vas** en God namens hulle mense en koningin Ester gesoek. Die hele situasie is daarna op 'n merkwaardige manier omgekeer! Lees die “res van die verhaal” in die boek van Ester!

Nadat die apostel Paulus op die grond geval en verblind is toe hy op pad was na Damaskus om die Christene te vervolg, het hy *geweet wat om te doen*. Die Bybel openbaar dat hy begin het om te bely en God te soek en hy het “drie dae lank ... niks gesien nie, en *niks geëet of gedrink nie*” (Handelinge 9:9). Dus het hierdie man wat een van die grootste Apostels van alle tye geword het, begin om “God te soek” deur te **vas**, om hom vir 'n tyd lank af te sny van kos en water om homself te *verootmoedig*, sodat hy sy hele wese op God en Sy wil kon *fokus* deur *gebed* en **vas**.

Dit is ook goed om te onthou dat, veral in ons moderne tyd met so baie fisiese swakhede en kwale, dit raadsaam is om versigtig te wees as ons vir meer as een dag vas. Jesus Christus kon vir 40 dae lank vas, maar ons behoort nie sommer te “aanvaar” dat ons Sy voorbeeld in hierdie verband kan navolg nie. Natuurlik, indien u aan 'n ernstige mediese toestand ly, behoort u ag te slaan op die advies van 'n gerespekteerde en professionele medikus voordat u met enige soort “ongewone” vas begin behalwe dit wat God Sy mense beveel (bv. die Versoendag).

Nietemin, **vas** is 'n belangrike “hulpmiddel” in die werklike soeke na God en 'n poging om nader aan ons Skepper te kom. Soos u kan sien, is hierdie hulpmiddel deur die geskiedenis heen herhaaldelik deur God se ware dienaars gebruik. Benutting van die “hulpmiddels” van Bybelstudie, meditasie, gebed en vas is sekerlik *noodsaaklik*.

### Daders van die Woord

Bo en behalwe dit alles, openbaar die Skrif duidelik op baie plekke hierdie beginsel: “En word **daders** van die woord en **nie** net hoorders wat julleself bedrieg nie” (Jakobus 1:22). Jesus Christus Self verklaar: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). Bo en behalwe die eenvoudige indrink van God se gedagte en denkwysse deur gebruik te maak van die “hulpmiddels” wat hierbo uiteengesit is, behoort elkeen van ons te leer om **daders** van God se Woord te wees. Ons moet leer om ons Skepper te *gehoorsaam*, soos Jesus Christus so baie keer sê. Ons moet onself so aan God onderwerp dat Jesus Christus letterlik binne in ons dieselfde getroue, gehoorsame lewe kan **leef** as wat Hy 1,900 jaar gelede op hierdie aarde geleef het! Die apostel Paulus is geïnspireer om te sê: “Ek is met Christus gekruisig, en *ék leef nie meer nie*, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en

Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20). Ons behoort te leer om die dae wat deur Christus heilig gehou is, *heilig* te hou. Ons behoort *dieselfde manier* te leef as wat Hy geleef het. Ons behoort die Tien Gebooie letterlik te **gehoorsaam** soos Hy gedoen het, omdat Hy Sy lewe letterlik in ons sal *leef* deur die Heilige Gees (Johannes 15:10).

Indien u werklik belangstel om Christus na te volg, moedig ek u aan om aan die streekskantoor naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) te skryf vir ons baie inspirerende en insiggewende boekie, *Die Tien Gebooie*. Dit sal absoluut gratis aan u gestuur word. Daarin word *uitgespel* hoe Christus Sy lewe in u en in my sal lewe. U sal dit *baie nuttig* vind. Bestel dit vandag nog, of lees dit aanlyn by [wvm.co.za](http://wvm.co.za).

Mag God u **almal** help, lieve intekenaars, om te leer hoe om God werklik “te soek” in die ontstellende, traumatiese en moeilike jare wat voorlê. *Dan* sal u begin insien wat u **werklik** behoort te doen. God sal dan ongetwyfeld u verstand open om Sy wil te verstaan, indien u Hom werklik soek met u hele hart, verstand en wese en bereid is om werklik te **doen** wat Hy sê in Sy geïnspireerde Woord. Mag God u help om *tot aksie oor te gaan!* Soos die apostel Petrus geïnspireer is om aan ons te sê: “Daarom, broeders, moet julle julle te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as **julle dit doen**, sal julle nooit struikel nie. Want so

sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige

koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2

Petrus 1:10-11). **WvM**

### Vervolg vanaf bladsy 19 – Die einde van oorlog?

Totdat Satan en sy demone van die toneel verwyder word, sal hierdie wêreld nooit blywende vrede en kalmte hê nie. Waarom nie? Omdat die Bybel ons waarsku dat Satan se bose gees hierdie wêreld deurdring. Hy is "die owerste van die mag van die lug" wie se gees "nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efesiërs 2:2). Die gevolg van sy natuur sal altyd neig in die rigting van verwarring, chaos, geweld en oorlog wat bo alles *Satan se kenmerkende aktiwiteit* is. Vir menslike wesens om in vrede te leef, moet ons Satan se gewelddadige aard verwerp – nie net gesamentlik as nasies nie, maar ook as individuele mense met vrye morele keuses.

Selfs nou, sê die Bybel aan ons, is Satan baie kwaad omdat hy weet sy tyd is besig om uit te loop (Openbaring 12:12). Wanneer Jesus Christus terugkeer om die Koninkryk van God oor die hele aarde te vestig, sal Satan verwyder en buite aksie gestel word (Openbaring 20:1-3). Satan weet dit en dit maak hom inderdaad woedend!

### Christus sal uiteindelik vrede bring!

Sal daar dus 'n Derde Wêreldoorlog wees? Ongelukkig waarsku die Skrif ons dat 'n *groter omwenteling nog aan die kom is*. 'n Verskriklike traumatiese tyd van intense oorlogvoering, vernietiging en lewensverlies is geprofeteer om

binnekort, net voor die Wederkoms van Jesus Christus, plaas te vind. Dit sal baie meer verwoestend wees as enige oorlog wat al voorheen plaasgevind het sodat dit *nodig* sal wees dat Jesus Christus ingryp om **alle lewe** op die planeet Aarde van totale uitwissing **te red** (Mattheüs 24:21-22).

Ja, daar **is goeie nuus** ná die slegte. Christus sal terugkeer om die mensdom van homself te red en ook van die bose Satan se gekonkel. Wanneer Hy kom as die nuwe heersende Koning van die Koninkryk van God op hierdie aarde, sal Hy Satan se poging om die stigting van daardie Koninkryk te verhinder, heeltemal tot niet maak (Romeine 16:20).

Dit sal 'n geprofeteerde duisendjarige "Millennium" van vrede inlei. Vandag word slegs 'n relatiewe klein groepie mense tot die Waarheid geroep en hulle leef nou die lewe wat God beplan het vir die hele mensdom. Gedurende die Millennium, sal *elke mens wat lewe* in staat wees om God se lewensweg te volg, sonder Satan se korrupte invloed.

Selfs dit sal egter nie heeltemal die einde van oorlog wees nie, ook nie van Satan se rol daarin nie. Openbaring berig dat Satan en sy duiwels weer vrygelaat sal word, teen die einde van 'n duisend jaar van vrede. Sal die mensdom teen daardie tyd al die lesse van oorlog geleer het? Dis ver-

basend, maar opstandige mense sal weereens deur Satan beïnvloed word en die wêreld sal weer vir *een laaste keer* uitbars in geweld en oorlog (Openbaring 20:7-10). Dit sal Satan se finale aanslag wees, waarna hy in 'n poel van vuur gewerp sal word, om nooit weer 'n houvas op die mensdom te verkry nie.

Dan sal 'n tyd aanbreek, bekend as die Groot Wit Troon Oordeel, waartydens almal wat gesterf het sonder 'n geleentheid tot redding, uiteindelik daardie geleentheid gegee sal word. Op hierdie punt sal oorlog werklik iets van die verlede vir die mensdom wees en God se Plan sal aanbeweeg na die volgende fase, wanneer die hoofkantoor van God se troon oor die heelal vir die eerste keer na die planeet Aarde sal neerdaal (Openbaring 21:1-4).

So, ja, die mensdom sal uiteindelik 'n einde aan oorlog sien. Daar sal egter groot onstuimighede wees tussen nou en daardie wonderlike dag. U kan egter as individu vrede in u lewe hê. Indien God u nou roep, wend u na Hom en besluit om volgens Sy lewenswyse te leef. Indien u graag persoonlik met iemand wil praat oor hoe om al hierdie dinge te doen, skakel of skryf aan die streekskantoor die naaste aan u, soos op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys. Ons verteenwoordigers sal u graag help om "die vrede ... wat alle verstand te bowe gaan" te vind (Filippense 4:7). **WvM**

# Is die Sabbat belangrik?

Deur Richard F. Ames

*Waarom het God die Israeliete van ouds beveel om die sewende-dag Sabbat te onderhou en van watter belang is Sy opdrag vir Christene vandag?*

Verskillende godsdienste sonder verskillende dae as vakansiedae en tye van aanbidding af. Terwyl die meeste van die wêreld se 2,1 miljard belydende Christene op 'n Sondag aanbid, is 1,3 miljard Moslems se weeklikse dag van aanbidding, Vrydae. Miljoene Jode onderhou die Sabbat, hulle dag van rus en aanbidding, vanaf sononder op Vrydag tot sononder op die Saterdag.

Maak dit saak watter dae ons onderhou? Gee God om wanneer ons Hom aanbid, solank ons Hom net aanbid? Die meeste belydende Christene aanvaar net wat ookal hulle ouers of kerk hulle geleer het as tradisie. Totdat ek 'n jong volwassene was, is dit wat ek ook gedoen het. Terwyl ek nog 'n seuntjie was, het ek my moeder gevra: "Waarom onderhou ons Sondag, terwyl die vierde gebod in die Bybel ons leer om die Sabbat, die sewende dag te onderhou?" Sy het my 'n vae antwoord gegee, wat ek op daardie stadium aanvaar het. Kan u daardie vraag beantwoord? Watter dag is die Christelike Sabbat?

Waar kom vandag se belydende Christene aan die idee dat Sondag die Christelike dag van aanbidding is? U mag geskok wees om te verneem dat sommige godsdienstige sektes mense leer dat hulle kerk se

tradisie meer gesag dra as die Bybel! Let op die volgende stelling van die Anglikaanse teoloog, Isaac William: "Waar word ons in die Skrif aangesê dat ons die eerste dag enigsins behoort te vier? Ons word beveel om die sewende dag te onderhou; maar ons word nêrens beveel om die eerste dag te vier nie ... Die rede waarom ons die eerste dag van die week heilig hou in stede van die sewende, is vir dieselfde rede as waarom ons baie ander dinge onderhou, nie omdat die Bybel so sê nie, maar omdat die kerk dit beveel het" (*Plain Sermons on the Catechism*, vol 1, bl. 334, 336).

Is William reg? Dra die Bybel, die Woord van God, minder gewig as kerktradisie? Watter voorbeeld het Jesus Christus Self gestel? Let op wat die Bybel sê oor Jesus se eie gewoonte aan die begin van Sy bediening. "Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoon was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees" (Lukas 4:16).

Ja, dit was Jesus se gereelde gewoonte om op die Sabbat te aanbid! Watter dag van die week was dit? Sedert die tyd van Jesus en eeue voor dit, het die Joodse gemeenskap baie noukeurig hulle onderhouding van die sewende-dag Sabbat gedoku-

menteer as vanaf sononder Vrydag tot sononder Saterdag. Ons weet uit duisende rekords wat noukeurig gehou is, dat die sewe-dag-siklus van die week nie verbreek is nie. Diegene wat vandag op die sewende dag aanbid, aanbid op dieselfde dag as wat Jesus gedoen het!

Vra uself af: Het Jesus Sy voorbeeld gestel om die Sabbat en al die Bybelse voorskrifte te hou, sodat dit nie vir ons nodig sou wees om dit na te volg nie? Dit is skokkend, maar dit is wat baie predikante vandag verkondig! Het Jesus selfs net een keer aan Sy volgelinge gesê om Sy voorbeeld te ignoreer? Nee! Jesus het nie slegs die gebooië onderhou nie, Hy het ander mense beveel om dit ook te doen. Hy sê: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië" (Mattheüs 19:17). Jesus se antwoord dui duidelik daarop dat Hy van die Tien Gebooië gepraat het.

## Paulus se voorbeeld

Ons het gesien dat dit Jesus se gewoonte was om die Sabbat te onderhou. Het die apostel Paulus, die "Apostel vir die heidene" die Sabbat onderhou, of het hy 'n voorbeeld gestel wat toon dat nie-Joodse Christene dit nie hoef te doen nie? Onthou, Paulus is opgelei as 'n Fariseër en het die Skrifte baie goed



geken. Die tyd toe Paulus in Griekeland, in die stad Thessalonika was, het hy vir drie agtereenvolgende Sabbatte vir die Jode in die sinagoge gepreek. Let daarop dat dit Paulus se gewoonte was; hy het gereeld op die Sabbat gepreek. “En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus” (Handelinge 17:2-3).

Ons sien dus dat Paulus gereeld vir die Jode op die Sabbat gepreek het. Het hy egter ook met die nie-Jode op die Sabbat gepraat? Let op wat hy in die nie-Joodse stad Korinte, in Griekeland gedoen het. “En hy het elke Sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig” (Handelinge 18:4)! Ja, Paulus het vir die heidene op die Sabbat gepreek!

Indien Paulus van die Christene verwag het om 'n Sondagdiens by te woon in die plek van die sewende-dag Sabbat, kon ons van hom verwag het om met Christene, of ten minste nie-Joodse Christene, op die Sondag te praat. Is dit wat die Bybel sê wat hy gedoen het? Kyk na Paulus se voorbeeld in Antiochië, wat die hedendaagse Turkye is. Wat het gebeur met beide Jode en nie-Jode in die sinagoge ná Paulus se gewone Sabbatpreek? “En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek

dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word” (Handelinge 13:42).

Indien Jesus of die Apostels die voorgeskrewe dag van aanbidding verander het na 'n Sondag, was hier 'n ideale geleentheid vir Paulus om aan die heidene te sê: “Nee, julle hoef nie te wag tot volgende Saterdag nie, ons Christene aanbid nou op 'n Sondag. Kom vergader môre saam met ons”! Hy het dit nie gedoen nie! Wat sê u Bybel? “En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die Woord van God te hoor” (Handelinge 13:44). Paulus het die nie-Joodse Christene op die Sabbat geleer! Hy het ook die nie-Joodse Korinthiërs beveel om sy voorbeeld te volg. Onthou Paulus se opdrag: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korinthiërs 11:1), of: “Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg” (NV). Ja, Jesus, Paulus en die Apostels het 'n voorbeeld vir alle Christene gestel om die Sabbat te onderhou!

### Waarom die verandering?

Aangesien die voorbeeld van Christus en die Apostels duidelik is, mag ons wonder wanneer het die “hoofstroom” kerke dan begin om Sondag in die plek van die sewende-dag Sabbat as 'n dag van rus te hou? Let op: “Tertullianus (202 n.C.) is die eerste skrywer wat uitdruklik die Sondagsrus noem: Ons behoort egter (net soos tradisie ons geleer het) op die dag van

die Here se opstanding te waak, nie net teen kniel nie, maar teen elke houding en amp van sorgsaamheid en selfs ons besighede uitstel sodat ons nie enige plek aan die duiwel gee nie” (artikel: “Sunday”, *The Catholic Encyclopedia*). Dit was nie voor 202 n.C. nie, meer as 170 jaar na die dood, begraving en opstanding van die Messias, Jesus Christus!

Later, in die vierde eeu n.C. het die Romeinse keiser Konstantyn Sondagaanbidding dwarsdeur sy Ryk afgedwing. Konstantyn was 'n heidense sonaanbidder. Hy het die volgende edik in 321 n.C. uitgevaardig: “Op die eerbiedwaardige dag van die Son, laat alle landdroste en mense ... rus” (artikel: “Sunday Legislation”, *Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge*).

Ongehoorsaamheid aan die keiser se opdrag kon vir Sabbatsonderhoudende Christene die dood beteken. 'n Paar jaar later het die Roomse kerk ook 'n ontstellende besluit geneem by die Raad van Laodicea, waarin hulle verklaar: “Christene moenie verjoods deur op die Sabbat te rus nie, maar moet op daardie dag werk en eerder op Sondag rus. Indien enige mense egter gevind word wat verjoods [deur God se Sabbat te hou], laat hulle anatema [vervloek] deur Christus verklaar word” (*A History of the Councils of the Church*, bl. 316). Christelike Sabbatsonderhouders is toe bestempel as kettere.

Die regering sowel as die kerke het teen die Christelike

Sabbatsonderhouers opgetree. Tog het die ware Christenskap van die eerste eeu, wat nooit opgehou het om Christus se voorbeeld te volg deur die vierde gebod te gehoorsaam nie, ten spyte van vervolging deur die eeue heen bly voortbestaan tot vandag toe. Miljoene mense in die Verenigde State van Amerika vergeet vandag dat baie van die eerste Amerikaanse setlaars die Atlantiese Oseaan in die 17de eeu oorgesteek het in hulle soeke na vryheid van godsdiens in die kolonies van Noord-Amerika. Duisende mense het na Rhode Island gestroom om voordeel te trek uit sy koninklike handves wat in 1663 toegestaan is deur Koning Charles II van Engeland en wat godsdiensvryheid in die kolonie gewaarborg het. Tot vandag toe word daardie handves uitgestal in die *Providence*, Rhode Island *statehouse*.

Sewende-dag Sabbatsonderhouers was onder diegene wat na Rhode Island gegaan het op soek na godsdiensvryheid. Stephen Mumford en sy vrou, wat in 1665 na Newport, Rhode Island gegaan het, is die eerste gedokumenteerde Christelike Sabbatsonderhouers wat hulle in Rhode Island gevestig het. Ander het gevolg en teen 1729 het hulle groep so uitgebrei dat hulle 'n groter vergadersaal benodig het. Daardie saal wat in 1729 gebou is word nog steeds in stand gehou deur die Newport Historiese Vereniging.

Indien u ooit in Newport, Rhode Island kom, kan u dalk daardie historiese gebou

besoek. Binne-in die saal is 'n hoë preekstoel. Agter die kansel is twee groot muurplate waarop die Tien Gebooie geskryf is. Aan die onderkant van die tweede plaat is die apostel Paulus se kragtige stelling: “Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet” (Romeine 3:31). Ja, hierdie Nuwe-Testamentiese Christene bevestig hulle getrouheid aan Christus se stelling: “Maar as jy die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie”. Hierdie Christene het Jesus se leerstellings, wat bepaal dat Sy volgelinge die Tien Gebooie behoort te onderhou en gehoorsaam, reg verstaan!

Sabbatariese kerkrekords wat bewaar word in die Newport Historiese Museum, bevat lede se name en hulle bydraes. Dit is insiggewend dat die kerk homself in daardie rekords beskryf as hulle wat “die gebooie van God, die geloof van Jesus en in die besonder die Here se sewende-dag Sabbat onderhou”.

Sommige sewende-dag Sabbatsonderhouers was vooraanstaande burgers van Rhode Island in die 18de eeu. Twee van die kolonie se goewerneurs – Richard Ward en sy seun Samuel, was sewende-dag Sabbatsonderhouers. Selfs die eerste president van Brown Universiteit, James Manning, was 'n Sabbatariër!

### **Die Sabbat – voor Moses se tyd?**

'n Algemene misverstand wat vandag heers is dat die

Sabbatsonderhouding vir die eerste keer as 'n Joodse gebruik by die berg Sinaï ingestel is, toe Moses die kliptafels met die Tien Gebooie ontvang het. Is dit so? Nee! Let op hoe die Bybel “die skeppingsweek” beskryf. Ons lees dat God die man en vrou op die sesde dag geskape het. Wat het daarna op die sewende dag gebeur? “So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak” (Genesis 2:1-3).

Ja, die sewende-dag Sabbat is 'n herdenking van die skepping en dit wys na die ware God en ware Skepper van die heelal. Dit het betekenis gehad vanaf die skepping en dit is nog steeds van diepe betekenis vir Christene vandag, wat na die sewende-dag Sabbat kyk as 'n vooruitskouing van Jesus Christus se duisendjarige heerskappy op die aarde tydens die toekomstige Millennium.

Waarop het Jesus aanspraak gemaak met betrekking tot Sy verhouding tot die Sabbat? Het Hy gesê dat Hy Here van die Sondag is, dat Sondag die Here se dag is? Nee! Jesus het gesê: “Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat” (Markus 2:27-28). Indien Jesus Here van

die Sabbat is, watter dag is die Here se dag? Sondag? Nee! Die Sabbat is die “Dag van die Here” en Jesus het self so gesê! Trouens, die uitdrukking “die Here se dag” kom nie een keer voor in die Ou of Nuwe Afrikaanse Vertalings nie. Openbaring 1:10 praat van die “... dag van die Here”. Daar verwys dit na die profetiese tydperk bekend as die Dag van die Here, wat lei tot die Wederkoms van Christus. Dit verwys nie na 'n dag van die week nie.

Die boek Hebreërs beeld die Sabbat uit as 'n versinnebeelding van die aarde se duisendjarige rus, sowel as 'n herdenking van God se rus tydens die skepping. Ten opsigte van die antieke Israeliete se ongehoorsaamheid op pad na die beloofde land, lees ons: “Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God” (Hebreërs 4:8-9). Die oorspronklike Griekse woord vir “rus” in vers 9 is *sabbatismos*, wat “'n Sabbatsonderhouding” beteken (sien *Vine's Expository Dictionary of Biblical Words*). In die Ou sowel as die Nuwe Afrikaanse Vertalings word vers 9 vertaal as “'n sabbatsrus”.

Ja, daar bly dus 'n Sabbatsrus oor vir die volk van God, selfs tot op hierdie dag! Is dit egter bloot 'n simboliese rus, of is dit 'n letterlike Sabbatsrus? Indien u toegang het tot 'n kopie van die *Anchor Bible Dictionary*, kan u self sien dat die woord *sabbatismos* in ander kontekste,

met inbegrip van wêreldse Griekse geskifte wat nie afhanklik is van hierdie vers uit Hebreërs nie, duidelik en letterlik “Sabbatsonderhouding” of “Sabbatsviering” beteken. Daar is geen twyfel dat hierdie vers 'n Nuwe-Testamentiese stelling is van 'n letterlike Christelike onderhouding van die Sabbat nie!

Wanneer Christene ophou om hulle werk te doen, soos God opgehou het met Sy werk (Hebreërs 4:10), dan moet ons vra: Hoe het God opgehou met Sy werk? Die Skrif gee ons die antwoord: “Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus” (Hebreërs 4:4).

Daar is geen onsekerheid hieromtrent nie! Nuwe-Testamentiese Christene is veronderstel om op die sewende dag te rus, net soos God gerus het! Die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament gee aan Christene die duidelike voorbeeld en opdrag om die Sabbatdag heilig te hou! Indien u die Bybel as u gesag beskou, eerder as kerklike tradisie wat daarop aanspraak maak dat dit die Bybel oorheers, het u geen ander keuse nie! Wat is dus u gesag?

### Die Bybel of tradisie?

Wat het veroorsaak dat die Sondagviering in die plek van die sewende-dag Sabbat gekom het? Die bekende Rooms-Katolieke teoloog James Cardinal Gibbons skryf in sy boek, *Faith of Our Fathers*:

“Maar u kan die Bybel van Genesis tot Openbaring lees en u sal nie 'n enkele reël vind wat die heiligmaking van Sondag goedkeur nie. Die Skrif dwing die godsdienstige onderhouding van Saterdag af, 'n dag wat ons nooit heilig nie”. Gibbons erken dat indien die Bybel u gesag is, u geen grond het vir die onderhouding van Sondag nie. Hy skryf dat die Skrif “die godsdienstige onderhouding van Saterdag afdwing”. Gibbons erken dat dit die Raad van Laodicea in die vierde eeu n.C. was wat die oorsaak was – nie die bladsye van u Bybel nie – dat die belydende Christelike wêreld verander het van die sewende-dag Sabbat na Sondagonderhouding.

Eweneens skryf die prominente Suidelike Baptistiese prediker Harold Lindell, 'n voormalige redakteur van die *Christianity Today*-tydskrif: “Daar is niks in die Skrif wat vereis dat ons eerder Sondag as Saterdag as 'n heilige dag moet hou nie”.

Wat behoort u te doen? U behoort u Bybel te bestudeer en te besluit of u sal lewe van “elke Woord van God” soos Jesus ons vermaan in Mattheüs 4:4 en Lukas 4:4. Jesus het gesê Hy is die Here van die Sabbat. Hy het gereeld die sewende-dag Sabbat onderhou en Hy het nie die Wet oortree nie. Hy sê: “... soos Ek die geboorte van my Vader bewaar” (Johannes 15:10). Sal u die voorbeeld van Jesus Christus en die opdragte van u Bybel volg? Of sal u hulle teenstaan, ten einde die

**Vervolg op bladsy 26**

# Londen Roep

## Brittanje doen afstand van die reëls

Deur Rod King

Die Engelse se wantroue in “alles Europees” dateer reeds eeue terug - 'n wantroue wat beslis versterk is deur die Spaanse Armada, Napoleon en Adolf Hitler. Vir baie Britte was daar te veel kontinentale gewelddadigers wat met gierige oë na hulle “*sceptered isle*” gekyk het. Die Engelse het weggekram van enige leier wat sý wil wou afdwing op 'n nasie wie se mense hulle vryheid meer waardeer het as byna enige ander nasie in Europa. Waarom is dit so?

### Wie is die Engelse?

Engeland ontleen sy naam aan die **Angele** wat spoedig nadat die Romeine Brittanje in die vyfde eeu verlaat het saam met die **Saksers** en **Jutte** daar aangekom het vanuit die hedendaagse Duitsland en Denemarke. Daar is duidelike streeksverskille in die land ná vlae van invalle en volksverhuising. Die eiewyse suidelikes word byvoorbeeld beskou as sou hulle te veel van 'n “stywe bolip” hê as die hartliker en meer gemoedelike noordelikes.

Wat feitlik onbekend is, is dat die drie stamme van mense wat hierbo genoem is, slegs 'n paar eeue voor hulle aankoms in Engeland, in die noordweste van Europa aangeland het. Waar kom hulle egter vandaan?

### Saksers is die seuns van Isak

Die meeste geskiedkundiges erken dat die Germaanse stamme tussen die 1ste eeu v.C. en die 3de eeu n.C. in die Ryn-, Weser- en Elbe-riviervalleie aangeland het vanaf die Skithiese gebied. Hulle was vergesel van 'n ander volk wat 'n soortgelyke taal gepraat het, maar wat verkies het om hulle in die kusgebiede van Normandië, tot so ver noord as Skandinawië, te vestig.

Die Engelse historikus Sharon Turner se werk, *History of the Anglo-Saxons* (1836, Deel 1, bl. 100-101) lui: “Ptolemeus [die Romeinse aardrykskundige] maak melding van 'n Skithiese volk wat voortspruit uit die SAKAI, met die name van Saksers ... Sakai-Suna, of te wel die kinders van Sakai, verkort na Saksun, wat dieselfde klink as Sakser en wat lyk na 'n redelike woordaflleiding van die woord, Sakser”.

Ander geskiedkundiges het dikwels die maklike aflleiding gemaak van die naam “Saksers” en “seuns van Isak” van Bybelse faam.

Waarom sou hierdie Saksers – wat hulle later in Suid-Engeland sou vestig en hulle naam gegee het aan Essex (Oos-Saksers), Sussex (Suid-Saksers) en Middlesex (Midde-Saksers) – hulle verbintenis met die naam van Isak wou verewig?

Die antwoord is dat Isak se seun Jakob, wat ook Israel genoem word, sy vader se naam aan sy kleinseun **Efraim** bemaak het.

Net voor Jakob se dood het hy sy seun Josef geroep om sy twee seuns, Manasse en Efraim na hom te bring. Terwyl hy die seuns geseën het, het hy gesê: “... mag deur hulle my **naam** genoem word” (Genesis 48:16). Hy het sy hand gekruis sodat sy regterhand op die jonger kleinseun se kop en sy linkerhand op Manasse se kop was. Josef het beswaar gemaak, maar Jakob het gesê: “Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sý nageslag sal 'n menigte van nasies word” (vers 19).

Hierdie twee seuns het in later jare Brittanje (Efraim) en die Verenigde State van Amerika (Manasse) geword.

Die hedendaagse inwoners van Brittanje bestaan uit verskeie ander groepe as net die Angele, Saksers en Jutte. Dit sluit in die inheemse Britte (Walliesers, Pikte, Skotte, Iere en Corniërs), Dene en Noorweërs vanuit die Viking-invalle en laastens die Normandiërs. Die meerderheid is egter Saksers, wat in die suidooste van die land woon.

Die nakomelinge van Manasse, Efraim se broer, het

saam met hulle broer gebly totdat die tyd aangebreek het om vanaf die sewentiende eeu en daarna, na Noord-Amerika te verhuis.

Baie van hierdie “Manasiete” het hulle in Anglië gaan vestig. Neem kennis wat John Ogwyn op bladsy 36 van ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika? skryf*.

“Nieu-Engeland is byvoorbeeld hoofsaaklik deur immigrante uit Oos-Anglië gevestig. Sekere gemeentes van hierdie suidoostelike deel van Engeland het tussen 1629 en 1641 byna leeg geloop van inwoners, namate hele familie-groepe gelyktydig verhuis het. 'Vandag lyk Oos-Anglië baie landelik in vergelyking met ander Engelse streke. In die vroeë 17de eeu was dit egter die heel digbevolkste en 'n hoogs verstedelike deel van Engeland en dit was vir eeue so’” (*Albion's Seed*, bl. 43).

Die daaropvolgende migrasie van Engelse uit ander lande het die bevolking van die Verenigde State laat groei.

'n Mens het net nodig om na 'n kaart van Nieu-Engeland in die Verenigde State van Amerika te kyk om plekname soos Norwich, Boston, Cambridge, Lincoln en

Peterborough te vind. Al hierdie plekname is ontleen aan die gebiede van Oos-Anglië of die nabygeleë omgewing.

### **Brittanje doen afstand van die reëls**

God waarsku Sy volk om goed ag te slaan op die gevolge indien hulle Sy Wette sou minag. Honderd jaar gelede, terwyl Groot-Brittanje gereed gemaak het vir oorlog, het die meerderheid Engelse in God en in die Bybel geglo. Daar was 'n gevoel van identiteit wat lank reeds bestaan het tussen hulle en die *King James Version* van die Bybel wat die eerste keer in 1611 gepubliseer is. Om 'n bespotting van die Bybel te maak of daarmee die gek te skeer, is beskou as lasterlik. Eerbied vir die Bybel was baie dieselfde as die eerbied wat Moslems vandag vir die Koran het.

Ons grootouers sou geskok wees indien hulle die wêreldse, menslike uitsprake van die kerkleiers van vandag kon lees. Om te dink dat homoseksualiteit wat ondersteun word deur hoofstroom Protestantse kerke en selfs openlik beoefen word deur die geestelikes, sou hulle ontstel het. Die wydverspreide aanvaarding van seks voor die huwelik, sowel as egskeiding, sou ondenkbaar wees vir die meeste van hulle.

Die boek Levitikus waarsku ons: “... en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie

en my verbond verbreek - dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die toring en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie”. (Levitikus 26:15-17).

Brittanje en Amerika se onlangse probleme in Irak en Afghanistan laat dit lyk asof God 3,500 jaar gelede die teks vir hulle geskryf het. Kyk hoe die woorde van die Skrif Brittanje se toekoms voorspel: “Ja, Ek self sal die land verwoes, sodat julle vyande wat daarin gaan woon, daarvoor verstomd sal staan. En Ek sal julle onder die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek; en julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhope word” (Levitikus 26:32-33).

Brittanje “het afstand gedoen van die reëls (waive the rules)” en “beheer oor die golwe (rule the waves)” geld nie meer nie. Die bekende lied oor vaderlandsliefde, “Rule Britannia”, waaruit hierdie woorde geneem is, sê met trots: “Britte sal nooit, nooit slawe wees nie”. Ongelukkig waarsku die Skrif dat 'n tyd van slawerny vir die eens trotse Britse volk, sowel as hulle Amerikaanse neefs, nog voorlê.

**WvM**

# Die geluide van somer

Deur J. Davy Crockett III

Die geluid van die sonbesies was oorverdowend terwyl ek op 'n somer Sabbatoggend padlangs gestap het, die wind geniet het en my gedagtes bymekaar kon maak na 'n besige week vol wedervaringe. Daar was so baie om oor na te dink en om sin te maak vanuit 'n Bybelse oogpunt. Daardie sonbesies het so luidrugtig gesing dat dit moeilik was om te konsentreer!

Terwyl ek egter so aangestap het, het dit tot my deurgedring dat die geluide van die somer 'n bevestiging is van 'n belofte wat God lank gelede gemaak het, 'n belofte wat ons kan help om koers te hou, selfs wanneer dit lyk of omstandighede verkeerd loop op maniere wat ons laat twyfel en ons verwar.

God het geweet dat ons dit nodig sou hê om van tyd tot tyd te bepaal waarheen ons op pad is. Kort na die Sondvloed, die grootste ramp wat die wêreld nog ooit gesien het, het Hy 'n belofte gemaak: "Solank as die aarde bly bestaan, sal saaityd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie" (Genesis 8:22 NV).

God verseker ons dat daar 'n nuwe seisoen sal kom. Hoewel probleme mag kom en struikelblokke mag voorkom, Sy Plan word altyd deurgevoer. Die Psalmdigter het dit verstaan toe hy geskryf het: "Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag" (Psalm 33:11).

Op 'n soortgelyke trant

herhaal die profeet Jesaja hierdie kragtige woorde wat deur God gegee is: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:9-10).


Ja, God het 'n Plan en Hy werk daaraan om dit ten beste in ons lewens te laat geskied. Ons lees ook hiervan in die Nuwe Testament. Paulus skryf hierdie woorde wat baie gerusstellend kan wees in tye van nood: "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is" (Romeine 8:28 NV).

Wanneer ons aandag dus afgelei word deur die wêreld rondom ons, of wanneer ons geliefdes sien ly, of wanneer ons persoonlike struikelblokke teëkom wat ons mag ontstel, behoort ons die baie duidelike stellings in God se Woord te onthou en vertrou te hê dat, so lank as wat ons ons deel doen, ons omstandighede sal uitdraai soos God wil hê, selfs al kan ons nou onself nie indink hoe dit moontlik kan wees nie.

Paulus het betekenisvol so geskryf: "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige

ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie" (Romeine 8:38-39).

Met hierdie wonderlike beloftes in gedagte kan ons voorbereid wees op die onverwagte, die ondenkbare, die omwentelinge en ontwrigting wat ons sou verkies om nooit te ervaar nie, maar wat nogtans kan gebeur wanneer ons dit die minste verwag. Deur dit alles sal God die krag, leiding en antwoorde wat ons nodig het voorsien. Ons kan in die voetspore van Paulus volg wat ons gerus stel: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Filippense 4:13).

Wanneer u die geluide van die somer hoor – of van herfs, winter of lente – wees dan bemoedig en onthou die beloftes van ons liefdevolle God. Met Sy hulp en leiding kan en sal ons dit maak deur die moeilike tye wat verseker nog voor ons lê. Neem dus 'n wandeling. Mediteer oor die dinge van God (Filippense 4:8). Weet dat 'n tyd spoedig sal aanbreek wanneer die hele wêreld onder Sy ferm en welwillende, liefdevolle heerskappy sal wees. Om meer van daardie tyd te leer, lees gerus ons gratis boekie, *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?* Vra 'n kopie vanaf die streekskantoor die naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif), of bestel dit aanlyn by [wvm.co.za](http://wvm.co.za). 

**Vervolg vanaf bladsy 22 – Die vloeistof van die lewe**

vermoë om hitte-energie te stoor speel ook 'n belangrike rol in die behoud van lewe op ons planeet. Gedurende die somermaande absorbeer die aarde se oseane en mere 'n groot hoeveelheid van die son se hitte-energie, stoor dit en beheer so die hele wêreld se temperature. Dan, in die winter word hierdie hitte-energie terug in die omgewing vrygestel met die *teenoorgestelde* uitwerking en dit stel hitte vry op so 'n manier dat dit verhinder dat die winter te koud word om te oorleef.

**Merkwaardige waterdamp!**

Nog 'n belangrike eienskap van water is een wat 'n mens nooit direk sal waarneem nie, want dit is skynbaar ontwerp om onsigbaar te wees! Die aarde se atmosfeer bevat 'n gasagtige vorm van water wat *waterdamp* genoem word. Byna alles wat ons “die weer” noem, behels die atmosfeer se waterdamp; gekondenseer as wolke of mis, wat val as reën of hael, of wat rondom ons dwarrel as sneeu. Water in die lug, soos ander stowwe ook, *absorbeer lig* by sekere golflengtes en dit beteken dat sekere soorte lig nie in staat is om daardeur te dring nie. In die geval van water is die geblokkeerde soorte lig die onsigbare soorte wat ons *infrarooi* en *ultraviolet* noem. Trouens, dit is water se vermoë om ultraviolet, of UV-lig te absorbeer, wat help om die menslike vel te beskerm teen die son se potensieel skadelike UV-strale.

Terwyl waterdamp ook die meeste golflengtes kragtig blokkeer, is daar 'n nou band van lig wat die water toelaat om *reg deur te gaan*; die *sigbare* deel van lig wat ons nodig het om te sien! *Elke kleur van die reënboog* kan ongehinderd deur waterdamp dring en die lug kristalhelder laat vir ons oë om die wêreld rondom ons te sien.

Water is ook een van die primêre hulpmiddels wat deur die natuur gebruik word, as 'n vloeiende rivier, aanhoudende reën of gevriesde ys, wat berge laat wegslyt en rotse opbreek, om sodoende ryk grond vol voedingstowwe te voorsien vir plante-groei. Dink hieraan: Hoe bereik daardie voedingstowwe in die grond elke deeltjie, tak en blaar van die plante van die wêreld? Dink aan die magtige Kaliforniese *Redwoods*, die hoogste bome op die planeet. Sommiges groei meer as 100 meter hoog. Hoe kan die voedingstowwe en minerale wat in die grond is en wat nodig is om sulke reuse te voed en te onderhou, dag in en dag uit die top van die boom bereik? 'n Boom het nie 'n hart om die “bloed” te pomp nie, nog minder is daar 'n hysbak.

Weereens vind ons die krag van *water*. Water is aangetrokke tot die stowwe in die wortels en die band tussen watermolekules is so *buitengewoon sterk* dat, wanneer 'n bietjie water deur die wortels “klim”, hou dit aan om meer water daarmee saam te

trek! Hierdie trekrag van water is so sterk dat 'n rooihoutboom met geen spiere of motor, geen pomp of krag, elke dag *vier ton* water in sy blare kan optrek om te verdamp!

Die lys kan aangaan. Met sy seldsame en enigsoortige eienskappe, dui water op die liefde en sorg van ons goddelik intelligente Skepper! Skynbaar onder die eenvoudigste stowwe, is H<sub>2</sub>O ver van eenvoudig af. Dit is werklik 'n “wonderstof” wat *alle lewe op aarde* moontlik maak.

**Strome van lewende water!**

Dit is insiggewend dat toe Jesus Christus Sy gehoor wou leer oor wat God beskikbaar sal stel aan diegene wat Sy leringe glo en die lewensweg verkies wat Hy bied, het Hy water gebruik om die Heilige Gees uit te beeld: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei” (Johannes 7:37-38). Wanneer ons in ag neem dit wat ons van die belangrike rol van water in ons fisiese lewe weet, is dit dan enigsins vreemd dat Christus wonderlike, lewegewende *water* gekies het as 'n simbool vir die wonderlike, lewegewende Gees van God?

Ons almal behoort God te dank vir die wysheid waarmee Hy ons wêreld ontwerp het en dit 'n volmaakte tuiste vir ons gemaak het, waar selfs die mees algemene substansie stilweg Sy heerlijkheid verklaar! **WvM**

# Die einde van oorlog?

Deur John Meakin

*Tydens die 100ste herdenking van die begin van die Eerste Wêreldoorlog, wat kan die “oorlog om alle oorloë te beëindig” ons leer oor die mens en die menslike natuur? 'n Blik op die verlede kan ons baie leer oor ons toekoms.*

Dit was die somer van 1914 en die weer in Europa was buitengewoon aangenaam. Hoewel stormwolke van politieke en maatskaplike verwickelinge al vir 'n geruime tyd opgebou het in die rigting van 'n krisis, sou die gewone man op straat hom nouliks die hartverskeurende tragedie kon indink wat op die punt was om die hele vasteland te verswelg. 'n Grootse oorlog, die slagting van miljoene mense, was op die punt om ontketen te word!

Die konflik op die horison – dit was so vernietigend dat dit vir 'n tyd lank die “oorlog om alle oorloë te beëindig” genoem sou word – sou die grondslag lê vir 'n veelbewoë eeu van bloedvergiëting. Die Europese beskawing sou op sy knieë gedwing word; totalitarisme – die politieke voortsetting van oorlog deur middel van ander middele – sou ontketen word; heerskappye en die monargiese vorm van regering sou afgestel word.

Nuwe nasies sou ontstaan, die verwesening van 'n langverwagte strewe van hulle mense; die kaart van 'n groot deel van die wêreld sou dramaties oorgeteken word. Die swaartepunt van die wêreldmag sou beslissend verskuif word van die “ou” wêreld na die

“nuwe”. Geloof in God sou skerp afneem te midde van die mens se goddelose, wrede en onmenslike optrede teenoor sy medemens.

## Moderne oorlog bedreig alle lewe

Alhoewel oorloë wel deel was van die mens se geskiedenis sedert sy begin, het oorlog in die twintigste eeu 'n heel ander vorm aangeneem. Vir die eerste keer word gedreig om die mensdom uit te wis. Vrede mag die mens se innige begeerte wees, maar dit lyk of vrede ons net altyd ontwyk, selfs terwyl ons vermoë om mekaar dood te maak met rasse skrede toeneem.

Waarom moet dit so wees? Terwyl die wêreld die eeufees van die begin van die Eerste Wêreldoorlog vier, is dit toepaslik om te besin oor die mensdom se buitengewone en skynbaar aangebore vermoë om mekaar uit te moor. Watter lesse kan ons leer uit die redes vir oorloë en die menslike natuur wat daaragter lê? Is daar 'n *verskuilde oorsaak vir oorlog* waarvoor ons blind is? Is dit moontlik om uit te sien na 'n tyd wanneer daar *nie meer oorlog* sal wees nie? Ons kan gelukkig verseker wees van 'n vreedsame toekoms, hoewel vanuit 'n bron wat min mense in ons moderne tyd verwag.

## 'n Kruitvat Europa

Hoe was die Europese alledaagse lewe in 1914? Handel en nywerheid het floreer in 'n era vol globalisering. Bevolkings het vinnig uitgebrei en die emigrasie van miljoene mense na die Amerikas en Australasië aangewakker. Arbeidstoestande het verbeter, gestimuleer deur 'n kragtige sosialistiese beweging wat in baie lande aktief was. Komersiële interafhanklikheid en internasionalisme het aanleiding gegee tot die populêre gedagte dat grootse oorlogvoering nou 'n *ding van die verlede* was.

Vir baie mense was die lewe oordadig, beskaafd, gekultiveerd en buitengewoon rooskleurig. Ongekende wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang het 'n rooskleurige toekoms voorspel.

Die hele vasteland was egter ook gekenmerk deur “onverbloemde nasionalisme” en 'n versnellende wapenresies. Die drie groot Europese ryke, Duitsland, Oostenryk en Rusland, was in besit geneem deur interne ontevredenheid met die gemarginaliseerde groepe wat eise gestel het vir 'n groter demokrasie. Saam met Brittanje en Frankryk het al die Europese state rede gehad om te voel dat hulle posisie op een of ander manier bedreig word.



Europa se vasteland-state het hulle blind gestaar teen die tydlose soeke na sekuriteit in militêre superioriteit. Daar was miljoene opgeleide soldate, almal gereed om te veg vir hulle land, met genoeg skietvermoë om mekaar teen 'n ongekende spoed uit te wis. 'n Faktor wat dinge bemoeilik het, was dat vinnige kommunikasie nog in sy kinderskoene was en dit moeilik gemaak het vir die volksleiers om ingelig en beslissend op te tree indien 'n krisis sou ontstaan.

“*Oorlog is hel*”, was generaal Sherman van die Verenigde State van Amerika se beroemde opmerking tydens 'n vorige konflik. Terwyl Europa die somer van 1914 binne-gegaan het, sou die wêreld uitvind hoe boosaardig dit kan wees. Hierdie magtige nasies het “voortgegaan, asof in 'n dodemars en 'n dialoog van dowes, na die vernietiging van hulle kontinent en hulle beskawing” (*The First World War*, Keegan, bl. 23).

### Een kritieke vonk

Al wat nodig was om die verwoestende oorlogsbrand te ontketen, was *een noodlottige vonk*. Dit het begin toe die Serwiese nasionalis, Gavrilo Princip, die aartshertog Franz Ferdinand, neef van die Oostenrykse keiser Franz Josef, tydens 'n besoek aan Sarajevo in Bosnië op 28 Junie 1914 vermoor het.

Aanvanklik het dit gelyk van niks verander het nie. Die Europese lewe het voortgegaan soos gewoonlik. Agter die skerms was Oostenryk besig om

'n bondgenootskap met Bulgarye en Turkye te probeer bereik om hulle “Serwiese probleem” eens en vir altyd op te los. Oostenryk kon dit nogtans nie waag om alleen op te tree nie. Indien hulle dit gedoen het, sou 'n plaaslike konflik relatief ongesiens verbygegaan het.

In plaas daarvan het Oostenryk, gerugsteun deur Duitsland, 'n uitdagende nota aan die Serwiërs gestuur en 'n antwoord teen 25 Julie geëis. Serwië het egter, aangemoedig deur Russiese ondersteuning, die belangrike voorwaardes van die nota verwerp en na twee dae sy klein leëmag gemobiliseer.

### Europa mobiliseer vir oorlog

Die koeël was deur die kerk. Gebeure het vinnig buite beheer geraak. Tussen 28 Julie (toe Oostenryk-Hongarye oorlog verklaar het teen Serwië) en 12 Augustus (toe Brittanje en Frankryk oorlog verklaar het teen Oostenryk), het al die groot Europese nasies oorlog verklaar teen mekaar.

Soos 'n reeks geweldig vernietigende snellers wat getrek word, het Rusland begin om sy magte teen Duitsland en Oostenryk te mobiliseer; daarna Duitsland teen Rusland; Frankryk teen Duitsland en Duitsland teen Frankryk. Brittanje het oorlog teen Duitsland verklaar en die neutrale België is gedwing om kant te kies saam met die Geallieerdes.

*Feitlik die hele Europa was nou in oorlog gedompel!* Dit het nogtans nie daar geëindig nie. Ongeveer 36 lande was uitein-

delik in die vyandighede betrokke, met die mobilisering van meer as 70 miljoen militêre personeel. Dit sluit die Britse heerskappy van Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en Indië, met Japan, Italië, Serwië, Montenegro, Roemenië, Griekeland, Portugal en uiteindelik die VSA in wat almal by die Geallieerdes se saak aangesluit het. Die Sentrale Magte is gehelp deur die Ottomaanse Ryk en Bulgarye.

Al hierdie vyandighede het min of meer gelyktydig gebeur, in baie verskillende vorms van konflik. In Europa het die Westelike Front Duitsland teen Frankryk en Brittanje sien veg. Aan die Oostelike Front het Rusland teen Duitsland en Oostenryk te staan gekom en mekaar uiteindelik aangeval vanuit loopgrawe langs 'n 1440-km lange front. Aan die suidelike Balkan Front, het Duitsland, Oostenryk, Bulgarye en die Ottomaanse Turke teen Rusland, Serwië, Montenegro, Roemenië, Griekeland en Italië geveg. Op die Italiaanse Front het die Italianers teen Oostenryk-Hongarye geveg.

Op die oop see het Brittanje die Duitse hawens suksesvol geblokkeer en die Duitse vloot buite aksie gestel. In die Midde-Ooste het Brittanje en Frankryk saam met die Arabiere geveg om Egipte en die belangrike Suez-kanaal te beskerm en het hulle uiteindelik Jerusalem en Palestina bevry.

Die Geallieerdes het ook teen die Ottomaanse Ryk in Mesopotamië en die Persiese

Golf geveg en ten spyte van 'n bekende nederlaag op die Gallipoli-skiereiland aan die Dardanelles, uiteindelik die oorwinning behaal.

Dit was oorlog van epiese afmetings, soos nog nooit tevore gesien is nie! Op hierdie tydstip was *die hele wêreld in oorlog gewikkel!*

### Duitsland se plan ontvou

Al was dit 'n oorlog waarin die hele wêreld betrokke was, bly die Westelike Front die grusaamste arena van slagting. Die gebeure daar het mekaar baie vinnig opgevolg. Elke weermag het sy eie deeglik-voorbereide oorlogsplan gehad, wat vinnig in aksie verander is. Die taak om miljoene troepe met al hulle toerusting, voedsel en ander logistieke ondersteuning waarby 2,5 miljoen perde ingesluit is, vinnig per spoor te verskuif, was ontsaglik.

Aanvanklik het die Duitse aanvalle vinnig gevorder volgens 'n ambisieuse skedule in die hoop om die Franse binne 40 dae te verpletter. Duitsland het gedink dat sodra dit uitgevoer was, hulle kon konsentreer op die Oostelike Front om die naderende Russiese weermag uit te wis.

Wat het in werklikheid gebeur? Die Franse, bygestaan deur die Britse troepe, het ordelik suidwaarts na Parys teruggeval. Hulle plan was 'n massiewe teenaanval wat die Duitsers sou stuit en die patroon van die oorlog sou wysig.

### Skaakmat en uitputting

In plaas van 'n warrelwind oorwinning vir een van die twee partye, was dit *skaakmat*. Die Duitse troepe was teruggedwing om 'n ingewikkelde stelsel van loopgrawe ter verdediging langs 'n 960-km lange front te vorm. Die Geallieerde magte het hulle teëgestaan met hulle eie loopgrawe (die Duitsers s'n) en so begin die onhandelbare en bloedige loopgraafoorlog wat vir die daaropvolgende vier jaar sou duur, met nie een van die kante wat 'n deurslaggewende voordeel daaruit geput het nie.

Die verliese aan albei kante gaan byna die verstand te bowe; Duitsland se verlies was 2 miljoen wat dood is, Frankryk 2 miljoen en Brittanje ongeveer 1 miljoen. Die loopgrawe het berug geraak vir die bykans ondenkbare modder en vullis, doringdraad, masjiengewere en giftige gas. Skokkend soos dit is, is *ongeveer 50% van diegene wat daar gesterf het, nooit uit die slagveld teruggevind nie!*

In die hoop om toevoerlyne van Amerika na Europa af te sny, het Duitsland sy toevlug geneem tot onoordeelkundige duikboot oorlogvoering. As 'n gevolg hiervan, het 'n ontstoke VSA vroeg in 1917 tot die oorlog toegetree en kort daarna Frankryk oorstroom met manne en middele teen 'n tempo van 10,000 troepe per dag.

Soos wat die oorlog gevorder het, so het ook die tegnologie van oorlogvoering gevorder, veral vir die Geallieerdes. Tenks is ontwikkel en die gebruik van vliegtuie en die meeste

ander vorms van militêre toerusting het gevorder en beslissende voordele oor die vyand gegee.

### Die prys van oorlog

Uiteindelik is die Duitsgeleide magte, wat reeds oorlogsmoeg en ontmoedig was, ten aansien van 'n meer ervare vyand, op 11 November 1918 gedwing tot 'n oneervolle wapenstilstand – *“die elfde uur van die elfde dag van die elfde maand”*.

Teen die tyd dat alles verby was, was byna 10 miljoen soldate dood, meer as 20 miljoen gewond en byna 8 miljoen vermis. Die oorlog het eindelose smart en blywende hartseer vir miljoene mense tot gevolg gehad. Die totale koste verbonde aan die oorlog het, in vandag se geldwaarde, R11,5 biljoen oorskry.

Die oorlog was 'n ongeëwenaarde tragedie waarin die hele vasteland van Europa groot dele van die wêreld vasgevang het in 'n selfmoord maalstroom van bloedvergieting. Die wêreld het gereageer en reageer steeds met opperste afgryse oor wat die mens aan sy medemens kan doen.

### Die “oorlog wat oorloë sal beëindig”?

In Augustus 1914 het die beroemde Britse skrywer HG Wells, uitgesien na Brittanje se deelname aan wat hy genoem het “die oorlog wat oorloë sal beëindig”. Selfs daarna, wanneer hulle terugkyk na die afgryselikheid van dit alles, het

baie mense hulle met nuwe ywer na vredeliewendheid en internasionalisme gewend en die gebeure van 1914-1918 “die oorlog wat **alle** oorloë sal beëindig” genoem.

Natuurlik, wanneer ons terugkyk, weet ons dat 'n ander wêreldoorlog Europa skaars 20 jaar ná die einde van die Eerste Wêreldoorlog geteister het. Daardie oorlog het veroorsaak dat meer as 50 miljoen mense in die oorlog self dood is en ontelbare miljoene mense gesterf het as gevolg van die geweld.

Vandag kyk ons na die geskiedenis van die afgelope honderd jaar en ons kom tot 'n ontnugterende slotsom. Ons sien tot dusver, elke keer wanneer die mensdom een of ander tegnologie ontwikkel wat gebruik **kan** word vir oorlogvoering, dan **is** dit uiteindelik gebruik vir oorlogvoering. Die mosterdgas van die Eerste Wêreldoorlog en die atoombom van die Tweede Wêreldoorlog het plek gemaak vir die “kleretas kernbom”, chemiese en biologiese wapens en gesofistikeerde onbemande vliegtuie.

### Die geestelike dimensie

Te midde van al die retrospektiewe besprekings wat in hierdie herdenkingsjaar sal plaasvind, is daar een dimensie wat waarskynlik verwaarloos sal word, die *geestelike* dimensie. 'n Mens kan nie oorlog verstaan sonder om hierdie dimensie, wat deur God se geïnspireerde Woord – die Bybel – voorsien

word, in ag te neem nie.

Die Skrif bied aan ons die mees basiese, maar diepgaande insig: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring” (Jakobus 4:1-3).

Vir baie oorlogsmoeë sinici mag dit bedrieglik eenvoudig en selfs voor die hand liggend klink. Oorloë en konflikte ontstaan as gevolg van menslike begeertes, *die dinge wat ons so graag wil hê dat ons bereid is om daarvoor te veg*. Wanneer ons opsom wat waar is van *individue*, dan is dit selfs nog meer waar van *nasies en state* wat na alles deur individue gelei word.

Dink daaraan dat Duitsland in 1914 ambisieus en honger was vir uitbreiding en oorheersing; hulle wou die ver naamste plek in die wêreld beklee. Frankryk wou sekuriteit hê ten koste van Duitsland se ontluikende militêre mag en wou graag toesien dat Alsace en Lorraine, wat deur Duitsland in die Franco-Russiese oorlog van 1870 geannekseer is, teruggegee word.

Die Russe, verslaan en verneder in die Russies-Japannese oorlog van 1902, wou hulle industriële en militêre mag

terugwen. Hulle wou die agterstand inhaal en hulleself teen die groeiende Duitse bedreiging op hulle grense verdedig. Die Oostenryks-Hongaarse Ryk wou permanent sy probleme met 'n gewelddadige en nasionalistiese Serwië oplos, wat weer op sy beurt 'n groter Serwië wou gehad het, vry van Oostenryks-Hongaarse beheer.

So is die weg vir oorlog gebaan, op presies dieselfde wyse as wat die Skrif dit beskryf, deur 'n botsing van die fundamentele en teenstrydige menslike en nasionale begeertes.

### Sataniese invloede

Daar was egter ook verdere invloede wat op 'n geestelike vlak uitgeoefen was. Die Bybel onthul dat hierdie wêreld nou onder die beheer is van 'n geestelike wese, bekend as Satan, of die duiwel (2 Korinthiërs 4:4). Hy is 'n gevalle aartsengel wat lank gelede in opstand gekom het teen God (die *eerste oorlog* waaroor die mensdom enige inligting het) en hy het 'n derde van die engele saam in sy rebellie ingesleep (Openbaring 12:4). Die Bybel noem hierdie opstandige engele “duiwels of demone”.

Satan is die groot teenstaander, die opperste-aanklaer (van die Griekse *diabolos*) en misleier van die mensdom (vers 9). Hy is die groot vernietiger. Die Bybel noem hom 'n moordenaar en die vader van leuens (Johannes 8:44). Hy is die kwaadgesinde vyand van God en die mensdom.

# Môre se Jeug

## Jy is nie dom nie

Deur Phil Sena

Het jy al ooit aan jousef gedink as minder intelligent as ander? Het die ander kinders by die skool jou “dom” genoem? Indien wel, hoe het dit jou laat voel oor jou vermoë om te leer en om beskou te kon word as 'n goeie student?

Ek weet van iemand wat in die eerste graad “teruggehou” is en hy het vir die res van sy skoolloopbaan met die stigma van akademies “stadig” saamgeleef. Ja, hy het probleme gehad met klasse wat fokus op lees en skryf. Ek kan jou egter verseker, hy was **nie** dom nie! Hy het bo-gemiddelde kunstvaardighede gehad en is steeds een van die kreatiefste mense wat ek ken. Hy was ook 'n uitstekende atleet, wat gewild was en wat een van die vinnigste agterspelers in sokker asook een van die skool se vinnigste naellopers op die atletiekbaan geword het.

Moontlik ken jy ook so 'n persoon, of dalk klink jou storie dieselfde. Baie mense, word as “dom” of “stadig” bestempel en as minderwaardig beskou in vergelyking met ander “beter” studente, net omdat hulle nie in sekere vakke op skool uitblink nie.

Is hulle dan werklik dommer? Is hulle in werklikheid minderwaardig?

Is dit net omdat die meeste tradisionele skoolstelsels fokus

op 'n bepaalde benadering tot lees, skryf en rekenkunde? Wat van dié studente wie se natuurlike vermoëns hulle nie uitleen tot sukses op daardie gebiede nie? Wie en wat is werklik “dom”?

### 'n Breër sienswyse

Kathy Koch is 'n opvoeder, skryfster en motiveringspreker wat glo dat almal slim is. Sy leer ander mense ook dat 'n nuwe begrip van “slim” nodig is. Hier is iets wat sy geskryf het op haar webwerf, *CelebrateKids.com*: “'n Vraag wat kinders nie behoort te vra nie is: 'Is ek slim?', want die antwoord is altyd: 'Ja'. Indien hulle hierdie vraag vra, is dit omdat hulle in hulleself twyfel, iets of iemand het hulle dom laat voel en hulle behoort dus aangemoedig te word”.

Een tragedie van die etiket “dom” is dat mense die etiket kan glo en hulleself dan op baie belangrike maniere onderskat. Selfs as volwassenes bly hierdie minderwaardige gevoel by sommige van hulle omdat hulle in die skool die boodskap gekry het dat hulle nie akademies opweeg teen ander nie, ten spyte van die feit dat hierdie boodskap gebaseer is op 'n stelsel wat geneig is om die presteerders in 'n beperkte stel kriteria, hoofsaaklik in die taal- en wiskundige vaardighede, te beloon.

Terwyl hierdie vaardighede uiters belangrik is, verteenwoordig dit net twee van die agt areas van intelligensie wat dr. Koch en 'n paar ander glo dat alle mense het. Ontdekking en ontwikkeling van die ander ses, kan mense help om self te ontdek dat hulle nie dom is nie, selfs al het hulle nie goed gevaar in sekere vakke nie.

### Agt rigtings van aanleg

Dr. Howard Gardner, wat 'n professor van onderwys aan die Harvard Universiteit is, word geloof vir sy ontwikkeling van die teorie van veelvuldige intelligensies. In 1983 het hy 'n boek, *Multiple Intelligences* geskryf om alles en die betekenis daarvan te beskryf. Opvoeder Thomas Armstrong, Ph.D., het sedertdien die oorspronklike etikette vereenvoudig, sodat dit makliker verstaanbaar is. Hier is elkeen met 'n kort beskrywing:

**Taal aanleg:** Dit is om in woorde te dink en dit te geniet om hulle te gebruik om te lees, te skryf, stories te vertel, te oorreed, te vermaak of om onderrig te gee.

**Logika aanleg:** Diegene wat die vermoë toon om te redeneer, te kategoriseer en om oorsaak-en-gevolg verhoudings te verstaan. Hulle het 'n natuurlike aanleg in die rigting van wiskunde, wetenskap,

statistieke, raaisels en om vrae te vra.

**Kunste aanleg:** Mense wat visueel dink en dit geniet om kuns te skep, te ontwerp, dinge te maak, geskiedenis te leer, fotografie te beoefen, skoonheid te waardeer en speelgoed te bou, neig na hierdie groep.

**Musikale aanleg:** Hulle dink in ritmes en melodieë, met 'n musikale vermoë soos sang, of om 'n musikale oor te hê. Dit beskryf hierdie tipe aanleg.

**Liggaamlike aanleg:** Dit is die vermoë om bewegings van die liggaam te beheer deur middel van fisiese aktiwiteite soos sport of dans, maar ook naaldwerk of houtwerk.

**Natuurkunde aanleg:** Indien jy aangetrek word deur die buitelewe en 'n sterk belangstelling toon in diere, plante, klippe, sterre, uitkamp, stap en ander fasette van die natuur, het jy hierdie aanleg.

**Menskunde aanleg:** Diegene wat verstaan en in staat is om te onderskei en te reageer op buie, bedoelings en begeertes van ander mense, het 'n menskunde aanleg. Hulle geniet dit om met ander mense saam te werk en om ander mense te leer ken en maak dikwels goeie leiers uit.

**Selfbegrip aanleg:** 'n Persoon wat daarvan hou om te besin en gewoonlik 'n goeie selfbegrip het, pas in hierdie groep. Hier vind ons gewoonlik diegene wat gemaklik is met hulleself,

hulle is geneig om onafhanklik, doelgerig en gedissiplineerd te wees.

Deur ons begrip uit te brei van wat dit beteken om slim te wees, raak dit makliker om te verstaan dat dit nie daaroor gaan of ons “slim” of “dom” is nie; die regte vraag om te vra, is: “In watter rigtings is ek begaafd?” Dan, wanneer ons eers verstaan op watter maniere ons skranders is, kan ons daardie vermoëns gebruik om sukses te behaal.

### Die ontwikkeling van jou “vaardighede”

Wanneer jy om jou rondkyk sal jy sien dat die wêreld vol suksesvolle mense is wat uitblink in verskeie aanlegte wat nie beloon word in tradisionele klaskamers nie. Selfs betekenisvolle bydraers tot die samelewing, soos Thomas Edison en Albert Einstein, het gesukkel in sekere afdelings van leer op skool, maar het sigbaar geblom toe hulle in staat was om ander aspekte van hulle verstand ten volle te ontwikkel.

Gardner glo dat elkeen gebore is met al agt van hierdie intelligensies of aanlegte en dat elkeen sal ontwikkel as gevolg van natuurlike aanleg en geleentheid om daardie bepaalde soort intelligensie te gebruik. Hoe kan jy dus jou skrandersheid ontdek en geleentheid identifiseer om hulle verder te ontwikkel?

Eerstens, let op wat jy van nature graag doen. Hou jy daarvan om te lees? Indien wel, het jy waarskynlik “taal aanleg”. Jy kan moontlik dalk ook 'n “logika aanleg” hê indien jou leesbelangstelling neig in die

rigting van speurverhale of misterieuse stories. Hou jy daarvan om 'n skaatsplank te ry, of om te ski? Selfs al is jy nie die doelskieter van jou hoërskool se basketbalspan nie, mag dit daarop dui dat jy 'n “liggaamlike aanleg” het en sal jy suksesvol kan ontwikkel in daardie rigting met die toepassing van daardie aanleg.

Vervolgens, kyk uit vir geleentheid om die vaardighede wat jy reeds het te verbeter en beywer uself vir aktiwiteite om daardie minder natuurlike vermoëns te ontwikkel. Byvoorbeeld, as jy baie min musiekvaardigheid het, gebruik jou ander slimhede om jouself bloot te stel aan maniere wat daardie vaardigheid sal laat groei, miskien deur bestudering van musiekgeskiedenis of selfs om te leer om 'n instrument te bespeel.

Indien jy dit doen, sal jy nie net nuwe vaardighede ontwikkel nie; jy sal ook meer selfvertroue kry om ander nuwe uitdagings aan te pak, vry van die vrees dat jy “dom” is en nie in staat is om te groei nie.

Ons het almal God-gegewe talente en vermoëns wat ontwikkel behoort te word wanneer ons die geleentheid kry, soos Jesus Christus verduidelik in die gelykenis van die talente (Mattheüs 25:14-30). Selfs al het jy nog nie uitgevind watter slimhede jy het nie, kan jy seker wees dat dit daar is, wagtend om ontdek te word. Wanneer jy dit vind, ontwikkel dit en jy sal self die waarheid ervaar dat jy **nie** dom is nie! **WVW**

# Die Werke van Sy hande

## Die vloeistof van die lewe

Deur Wallace G. Smith

Een van die wonders van ons pragtige skepping is oral rondom ons en word as vanselfsprekend aanvaar en dikwels nie eers raakgesien nie. Trouens, soms kyk ons reg daardeer! Hoewel baie algemeen op ons planeet, verteenwoordig dit een van die heel merkwaardigste substansies in die heelal. Wat is dit?

Hierdie wonder is *water* en die buitengewone eienskappe daarvan maak dit 'n fassinerende aanduiding van die intelligensie en insig van ons liefdevolle Skepper.

Die noue verband tussen lewe en water is prominent in wetenskaplikes se soektog na lewe anders as op die aarde. Ons stuur landingstuie na Mars om water te soek. Ons soek die spektrum van lig in wêreldes ver die ruimte in, ons soek na enige tekens van water in buiteruimtelike atmosfeer. Met die onlangse ontdekking van skynbare water-geisers op Jupiter se maan Europa, is die *National Aeronautics and Space Administration* (NASA) besig om ondersoek in te stel na verskillende maniere om 'n ruimtesending te onderneem deur 'n landingstuig of selfs 'n robotruimtetuig na daardie verafgeleë wêreld te stuur om te ondersoek, te eksperimenteer en te verken.

*Waarom?*

Omdat wetenskaplikes oor die algemeen saamstem dat die grootste hoop om lewe in 'n ander wêreld te vind, die ontdekking van *water* is, wat deur die meeste mense beskou word as 'n feitlik *onmisbare* bestanddeel van lewe.

Wat maak water so spesiaal? Watter eienskappe besit water wat dit so 'n vername, *noodsaaklike* bestanddeel van lewe op aarde, sowel as vir *ons* lewens, maak?

### Eenvoudig maar tog nie eenvoudig nie

As 'n substansie op sy eie, is water nie besonder *ingewikkeld* nie. 'n Watermolekule is *baie* eenvoudig en is saamgestel uit 'n paar van die oorfloedigste elemente op aarde. Ons sien dit in sy chemiese formule, H<sub>2</sub>O, twee waterstofatome en een suurstofatoom.

Dis wonderbaarlik, want waterstof en suurstof self is onder normale aardse temperatuur-toestande gasse en is hoogs vlambaar, selfs *plofbaar*. Tog, as hulle eers verbind het, vorm dit vloeibare water, iets waarna mens reik om 'n vuur *mee te blus!*

Terwyl water eenvoudig en algemeen mag wees, is die versameling eienskappe *ver* van algemeen. Trouens, die sub-

stansie is op baie maniere absoluut *uniek* en kan beskou word as een van die heel merkwaardigste stowwe in die heleskepping.

Dink aan 'n paar van die termodinamiese eienskappe van water. Die meeste stowwe sit uit wanneer dit verhit word en krimp in wanneer dit verkoel word, *behalwe* water! Wanneer die temperatuur van water daal om te vries, krimp dit in soos die meeste stowwe, *totdat* dit 4° Celsius bereik – by dié punt begin dit weer *uitsit!* Dit beteken dat, wanneer water heeltemal gevries is by 0° Celsius, dit *ligter* is as die water rondom en dit dus dryf, in teenstelling met ander stowwe wat eenvoudig verdig en sink!

Wat beteken hierdie wonderlike eienskap vir lewe op ons planeet? As gevolg van hierdie buitengewone eienskap, vries ons planeet se damme, strome en mere nooit tot op die bodem nie! In die plek van 'n vloeistof wat net eenvoudig vrys, soos met baie vloeistowwe gebeur wanneer dit vries, vorm ys bo-op die vloeibare water daaronder! Die vloeibare water bly bo vriespunt-temperatuur, sodat alle vorme van seelewe die koue kan oorleef en bewaar so ons voedselketting en daarmee saam, lewe op aarde.

Water se merkwaardige  
*Vervolg op bladsy 15*

# Vrae & Antwoorde

## “Gebruik dit of verloor dit” is 'n lewensbelangrike beginsel vir 'n Christelike lewe!

**VRAAG:** Aangesien die ewige lewe 'n gratis geskenk is van God deur die Heilige Gees, watter rol speel “goeie werke” in die lewe van 'n Christen?

**ANTWOORD:** Ons kan nie deur ons eie “geregtigheid” en “goeie werke” God oorreed om aan ons die ewige lewe te gee nie. Die Skrif herinner ons: “En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleet; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregthede het ons weggevoer soos die wind” (Jesaja 64:6). Ons het almal redding [verlossing] nodig: “... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God” (Romeine 3:23).

Diegene wat mag aanneem dat hulle deur elke letter van die Wet na te kom die ewige lewe sal verdien, behoort daaraan te dink dat hulle nog nie elke beproewing wat Satan kan bied, ervaar het nie. Voor sy bekering het Saulus gedink dat hy God volkome gehoorsaam. “As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer. Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër; wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik” (Filippense 3:4-6). Saulus het geglo dat hy regverdig was in God se oë, totdat die opgestane en verheerlikte Christus hom op die pad na Damaskus neergevel het (Handelinge 9:1-4).

Die gebooie maak wel saak. 'n Ryk jong man het Jesus gevra: “Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?” (Markus 10:17). Jesus Christus het hom eerstens bestraf en gesê dat niemand behalwe God werklik “goed” is nie. Daarna het Christus voortgegaan om hom te herinner aan die gebooie van God (verse 18-19). Hy het beweer dat hy die gebooie getrou onderhou het, maar Christus het aan hom gesê: “... verkoop alles wat jy het ... kom dan hier, neem die kruis op en volg My” (vers 21). Die ryk jong man het “bedroef weggegaan” (vers 22). Jesus het nie vir die jong man gesê dat onderhouding van die gebooie nie saak maak nie. Christus het eerder daarop gewys dat deur aardse rykdom hoër te ag as die Koninkryk van God, hierdie jong man nie die werke doen wat God van hom verwag nie!

Dit is deur die Heilige Gees in ons dat ons gered word: “... maar die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in My naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het” (Johannes 14:26). Ons ontvang die Heilige Gees na bekering en doop: “En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” (Handelinge 2:38-39).

Ons is in die proses om “gered” te word (vgl. 1 Korinthiërs 1:18; 2 Korinthiërs 2:15). Ons moet egter nog die proses voltooi: “Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word” (Mattheüs 24:13).

Dit is 'n fout om “geloof” teenoor “werke” te stel. Ons lees: “Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon” (Jakobus 2:18). Nie ons werke of die Heilige Gees wat nou in ons is, kan redding waarborg nie. God kan selfs die gawe van die Heilige Gees terugneem, indien ons dit doelbewus verwerp en besluit om nie meer die pad van geregtigheid te volg nie (Hebreërs 6:4-6). Selfs koning Dawid van ouds het die belangrikheid van God se Gees besef en God gevra om dit nie van hom af weg te neem nie (Psalm 51:13). Ons moet versigtig wees om nie die Gees wat God ons gegee het, te “blus” nie (1 Thessalonicense 5:19).

Iemand wat werklik in God en Sy beloftes glo sal onteenseglik daarna streef om Sy Wette te gehoorsaam en die inwonende Heilige Gees, 'n onverdiende gawe van God die Vader, sal ons help om toenemend daaraan gewoond te raak om daardie Wette te gehoorsaam. Indien ons gehoorsaam is en ons onderwerp aan die Gees, sal ons ons foute al hoe meer oorkom namate ons groei in genade en kennis. Ons behoort die gawe van God se Gees te gebruik en die gebruik daarvan sal sigbaar word uit ons werke, anders mag ons dit verloor! **WVW**

# Profesie neem

## Die ekumeniese misleiding

Regdeur 'n geskiedenis van byna 2,000 jaar, het die Christendom verskeie groot skeurings ervaar en duisende versplinterende sektes opgelewer. Ernstige pogings is nogtans nou aan die gang om die verdeeldheid te herstel en die versplinterde stukke weer saam te voeg. Terwyl dit lyk of dit 'n edele en selfs Goddelike doelwit mag wees, besef min mense vandag dat ons kyk na antieke Bybelprofesieë wat besig is om gestalte aan te neem en wat 'n misleide wêreld sal skok en verras!

### Agenda vir eenheid

Die moderne strewe om die afdelings onder die versplinterde denominasies van belydende Christenskap te herstel, word aktief deur die Rooms-Katolieke kerk bevorder. In 1964 het die Tweede Vatikaanse Raad (Vatikaan II) die “herstel van eenheid onder alle Christene” en die terugbring van die Protestantse denominasies na die Katolieke kuddes 'n langtermyn-doelwit vir die Roomse kerk gemaak. Die Raad het 'n eeueoue praktyk verander deur te verwys na gedoopte lede van ander kerke as “afgeskeide broers” in plaas van “kettters”. In 1964 kanselleer die Rooms-Katolieke kerk en die Oosters-Ortodokse kerk ook “hulle onderlinge ban of ekskom-

munikasie van mekaar” wat in 1054 n.C. begin het. (*Foreign Affairs*, Mei-Junie 2013). Sedertdien het verskeie pouse en patriarge ontmoet en saam gebid in hulle pogings om eenheid te bevorder. Die Ortodokse patriarg verteenwoordig 250 miljoen gelowiges.

In die 1990's het die leiers van die Lutherse kerk 'n gesamentlike verklaring met die Rooms-Katolieke kerk onderteken oor die onderwerp van “regverdiging”, 'n omstrede onderwerp wat een van die vernaamste redes was vir die Protestantse Hervorming. Metodiste-leiers het sedertdien die gesamentlike verklaring onderteken. Omstreeks dieselfde tyd het 'n aantal prominente Evangeliese en Katolieke leiers 'n ooreenkoms, met die naam “Evangeliegesindes en Katolieke saam” (ECT vir *Evangelicals and Catholics Together*) onderteken om samewerking tussen die twee groepe te bevorder. Die Wêreldraad van Kerke en prominente leiers soos dr. Billy Graham het die skuif in die rigting van eenheid onder die talle denominasies wat hulleself Christene noem bevorder. In Januarie 2013 het die VSA Konferensie van Katolieke Biskoppe en vier Gereformeerde Christelike gemeentes 'n ooreenkoms onderteken

waarin hulle mekaar se doop erken. Rooms-Katolieke pouse Johannes Paulus II en Benedictus XVI het saam met verskeie aartsbiskoppe van Kantelberg gebid vir die eenheid van hulle kerke.

Gedurende sy 25-jarige opperpriesterskap het Pous Johannes Paulus II na meer as 100 lande gereis om kerk-eenheid te bevorder. Hy het ook voormalige Anglikaanse priesters en gemeentes toegelaat om terug te keer na die Katolieke kerk, met behoud van hulle tradisionele vorms van aanbidding. Pous Benedictus het onvermoeid gewerk “aan die hersamestelling van die volle en sigbare eenheid van al Christus se volgelingen” met sy boodskap van “Eenheid in verskeidenheid en verskeidenheid in eenheid” (*Foreign Affairs*, Mei-Junie 2013). Pous Francis het Protestantse reaksie op die pousdom versag tydens sy eerste toespraak aan die wêreld vanaf Rome, deur na homself te verwys as bloot die “biskop van Rome”. Tydens sy uitreiking na die charismatiërs (wat volgens skatting 500,000 kan wees), het Francis gesê: “Ons is almal broers” en dat ou verdelings wat skeiding veroorsaak het, ter syde gestel behoort te word. Sy boodskap is aan 'n charismatiese byeenkoms in die Verenigde State gelewer deur



# gestalte aan

die Anglikaanse Biskop Tony Palmer, en hy het aan die byeengekome groep gesê: “Die protes is verby” en “daar is geen nodigheid meer vir 'n Protestantse kerk nie ... ons is almal Katoliek”.

## Ignorering van die Skrif

Leiers in die ekumeniese beweging beweer die beweging na eenheid is God se wil deur te verwys na Jesus se gebed vir Sy dissipels “sodat hulle een kan wees net soos Ons” (Johannes 17:11), maar hulle ignoreer wat anders duidelik gestel word in die Skrif. In werklikheid sê Jesus: “Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het” (Johannes 17:9). Hy het ook gesê: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie” (Johannes 6:44), wat aandui dat mense nie net self kan besluit of hulle in God se Kerk wil inkom nie; hulle moet *geroep* word!

Wanneer pous Johannes Paulus II die godsdienstige leiers van regoor die wêreld (met inbegrip van Moslems, Hindoes en animistiese priesters) in Assisi, Italië ontmoet het en saam met hulle gebid het, het hy hulle verseker: “Ons bid almal tot dieselfde God”. Jesus het egter aan 'n Samaritaanse vrou gesê dat sy nie die ware God aanbid nie (Johannes 4:21-22) en Jesus beskryf die godsdienstige

leiers van sy dag as “blinde leiers van blindes” (Mattheüs 15:14). Pous Benedictus het 'n gehoor in Rome verseker: “Elkeen wat vrede najaag ... sal gered word, selfs al kom hy Bybelse geloof kort” (*Pope Benedictus XVI's general audience*, 30 November 2005). Tog sê die Bybel die enigste pad na verlossing is deur Jesus Christus (Handelinge 4:10-12). Pous Francis het gesê “die kern van die evangelie gaan oor die armes” maar Jesus het gekom om “die evangelie van die koninkryk van God” (Markus 1:14-15) en die toekomstige regering van God wat op hierdie aarde gevestig sal word, te verkondig (Jesaja 2:2-4, 9:6-7). In die lig van die verskille tussen die Skrif en die verklarings van ekumeniese leiers, behoort ons Jesaja se waarskuwing te onthou: “Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle *'n volk* wat geen dageraad het nie” (Jesaja 8:20)!

## Profetiese betekenis

Bybelprofesieë het lank reeds voorspel dat net voor die Wederkoms van Jesus Christus, daar 'n poging sal wees om *een wêreldgodsdienst* te vorm wat sal begin met 'n “moederkerk” se pogings om met haar dogters te verenig. Openbaring 17:1-5 noem 'n vrou ('n kerk) en beskryf

haar as 'n “groot hoer” en “die moeder van die hoere”, wat 'n dier sal ry en wie se godsdienstige oortuigings en handelingte teruggevoer kan word na antieke Babilon. Hierdie vrou sit op sewe berge (Openbaring 17:9) – Rome sit op sewe heuwels. Sy beweer sy is “gebiedster vir altyd” (Jesaja 47:7) – Rome is die “ewige” stad. Sy sê: “Dit is ek en niemand anders nie” (Jesaja 47:8) – die Roomse kerk maak aanspraak daarop om die een ware kerk te wees en beweer: “Ek sal nie ... kinderloosheid ken nie” (Jesaja 47:8), wat dui op 'n ekumeniese poging om met haar dogters wat haar verlaat het (“protesterende dogters”) te verenig. Ons sien dit vandag gebeur!

Openbaring 13 sê die opkoms van hierdie diermoondheid sal die wêreld *verras* (vers 3). Die dier sal ondersteun word deur 'n prominente, godsdienstige figuur wat wonderwerke doen en aan die hoof staan van 'n groot valse kerk. Die Skrif dui aan dat die dier en die valse profeet albei deur Satan bemagtig sal word en saam sal hulle die wêreld mislei om die valse godsdienst van die dier te aanbid. Daniël hoofstukke 2 en 7 dui aan dat hierdie eindtydse dier en die valse profeet *in Europa* sal opstaan en historiese bande sal hê met die antieke Romeinse en Middel-

eeuse "Heilige Romeinse" ryke. Dit behoort geen verrassing te wees om te weet dat talle Rooms-Katolieke pouse die opkoms van die Europese Unie, wat hulle probeer deurdrenk het met Katolieke maatskaplike waardes, aktief bevorder het nie.

Die ekumeniese beweging waarvan ons vandag getuie is, sal die hoogtepunt bereik met die verskyning van hierdie twee prominente figure, wat die wêreld sal mislei om hulle sataniese leerstellings te volg en dit sal plaasvind net voor die

Wederkoms van Jesus Christus. U behoort op u hoede te wees noudat hierdie antieke profesieë besig is om *gestalte aan te neem*, terwyl hulle die wêreld verras en mislei!

—*Douglas S. Winnail*

## Armageddon en daarna

*Die mensdom ontwikkel nuwe en meer vreesaanjaende tegnologie waarmee hulle hulleself kan vernietig, terwyl politieke en sosiale spanning wêreldwyd toeneem. Sal die jare in die nabye toekoms wêreldwye kernvernietiging bring, of sal dit 'n era van permanente vrede inlui?*

*Sal die geprofeteerde "Slag van Armageddon" binnekort verwoesting en dood op ons planeet saai? Wat sal "Armageddon" vir u en u geliefdes beteken? Wat sal egter hierná gebeur?*

*U Bybel openbaar 'n skrikwekkende tyd wat voorlê – maar daar is uiteindelik hoop! Lees verder om meer te wete te kom oor hierdie wonderlike waarheid!*

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

### Vervolg vanaf bladsy 11 – Is die Sabbat belangrik?

oorlewering van mense na te volg?

Indien u nog enige twyfel het oor watter dag die Christelike Sabbat is, kyk dan wat die Bybel ons leer oor die toekomstige Koninkryk van God, waar Jesus Christus al die nasies op aarde sal regeer. "Want soos die nuwe

hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE" (Jesaja 66:22-23).

In God se Koninkryk sal almal die sewende-dag Sabbat onderhou. Wat 'n wonderlike wêreld sal dit nie wees nie. Ware Christene, in hulle aanbidding, is vandag besig met 'n versinnebeelding van daardie tyd. **WvM**

### Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

*dinge* gebeur! Die Skrif sê aan ons: “As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos; maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy” (Spreuke 29:18). Soos die Nuwe Vertaling dit ook stel: “Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk; dit gaan goed met elkeen wat die wet van die Here onderhou”. Afsesny van die ware God, verloor enkelinge sowel as hele nasies hulle sin vir die doel en die rede vir hulle bestaan. Gesinne begin verbrokkel. Misdaad en geweld begin toeneem. Allerhande **verdraaide gedrag** word vinnig die norm. Die meester bedrieër, Satan die duiwel, beïnvloed toenemend die meeste mense, sodat hulle nie weet **waarom** hierdie dinge gebeur nie.

### U moet VOORBEREII!

Hoe kan u dan voorberei vir wat aan die kom is? In die heel eerste plek, as God u roep, maak seker dat u Hom met u hele hart en siel “soek” (Deuteronomium 4:29). Lees u Bybel elke dag! Moenie net vinnig daarna kyk vir die “warm gevoelens” wat u mag beleef wanneer u die Psalms of Spreuke lees nie. Bestudeer die hele Bybel, met al die erns waarvoor u beskik, want dit is God se Handleiding vir u lewe! Soos die apostel Paulus aan die jong Timótheüs sê: Elke woord van die Skrif is voordelig, nie net vir leerstellings nie, maar ook vir praktiese onderrig in hoe om te leef as 'n Christen (2 Timótheüs 3:16).

Maak seker dat u my artikel “Soek u na God?” elders in hierdie uitgawe lees, vir meer inligting oor hierdie belangrike onderwerp. U behoort al die hulpmiddels wat God voorsien te gebruik om nader aan Hom te kom!

Maak ook seker u lees mnr. Richard Ames se belangrike artikel, “Is die Sabbat belangrik?” wat elders in hierdie uitgawe verskyn. Alhoewel daar vandag meer as twee miljard mense is wat hulleself “Christene” noem, wonder 'n mens hoeveel van hulle werklik Christus se voorbeeld volg en die seëninge vir gehoorsaamheid wat God belowe, ontvang (Deuteronomium 28:1)?

### Oorloë en gerugte van oorloë

Soos ek aan die begin van hierdie kort boodskap genoem het, staan ons wêreld op die rand van die heel ergste oorlog wat dit nog ooit beleef het. Gelukkig kan ons as Christene in ons eie lewens die “vrede van God [hê], wat alle verstand te bowe gaan” (Filippense 4:7). Indien ons toelaat dat God Sy wil in ons lewens laat geskied wanneer ons ons onderwerp aan die Heilige Gees, wat Hy aan bekeerde Christene tydens die doop gee, sal ons in staat wees om oorlog te voer teen die sonde in ons lewens en 'n voorsmaak kry van die toekomstige Koninkryk van God.

Ons weet egter dat die mensdom deur die verskriklikste tye wat voorlê moet gaan, voor die Wederkoms van Jesus Christus die mensdom sal red van selfvernietiging asook algehele kosmiese vernietiging! Moontlik het 'n paar van u wat hierdie tydskrif lees, 'n honderd jaar gelede geleef toe die Eerste Wêreldoorlog in Julie 1914 uitbreek het. Daardie oorlog het vir 'n tyd lank bekend gestaan as die “Oorlog om alle oorloë te beëindig”, maar die hartseer werklikheid is dat die Tweede Wêreldoorlog binne 'n geslag uitbreek het wat nie net groter slagting meegebring het nie, maar ook die koms van kernwapens. Lees asseblief mnr. John Meakin se uitstekende artikel, “Die einde van oorlog?” elders in hierdie uitgawe. Dit sal u help om God se plan wat vrede na ons oorloggeteisterde wêreld sal bring, te verstaan en te waardeer.

So moeilik as wat dit vir baie van u mag wees om te glo, leer die Skrif ons duidelik dat die oorgrootte meerderheid van die mensdom aan die einde van hierdie tydvak inderdaad **teen** die terugkerende Jesus Christus sal veg! “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (Openbaring 17:14). 'n Mens kan jou dit moeilik voorstel hoe **groot** die misleiding van miljoene mense moet wees sodat hulle bereid sal wees om letterlik teen **Christus te veg** wanneer Hy weer as Koning van die konings kom! Dit is

nogtans die misleiding waarop ons almal ons moet voorberei om dit te kan weerstaan!

Geagte lesers, laat ons asseblief tot ons Verlosser, Jesus Christus nader soos nog nooit tevore, terwyl daar nog tyd is om beskerm te word teen die skrikwekkende krisis wat voor ons lê. Maak seker dat u altyd bid: "... laat u koninkryk

kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde" (Mattheüs 6:10)!



Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, kanaal 263 op DStv.

## Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880

of skakel : 058 622 1424  
en meld dat u navraag doen  
oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus